Jesus Christus Dieselfde Gister, Vandag, En Tot In Ewigheid

Dankie, broer. [Broer Samuel Johnson sê: "God seën jou, Broer Branham."—Red.] Goeiste, ek sou nogal moes lewe, om so 'n reputasie soos daardie waardig te wees, nie waar nie? Ek waardeer dit egter baie. As daar niemand was wat geglo het nie, wat sou dit my help om te gaan? Ja. Jy moet iemand hê wat glo. Maak nie saak wat God sou doen nie, as jy nie glo wat Hy doen nie, dan . . . Dit moet twee van ons wees, julle weet, iemand moet saam met my glo hiervoor. En maak nie saak wat sou gebeur nie, as—as niemand glo nie, dan sou dit geen voordeel inhou nie, dit sou glad nie van enige nut wees nie. Maar ek is so bly om te hoor dat mense steeds hierdie wonderlike storie van die Here Jesus glo. Hy is barmhartige liefde vir ons almal.

2 Ek het so 'n wonderlike tyd gehad gisteraand. Ek—ek het huis toe gegaan en gelewe van die resultate hiervan tot nou toe. Ek het teruggekom om weer vol te maak. En ek dink dit is waarvoor ons almal gekom het, is om die liedere van Sion, die getuienisse van die mense te hoor, en in die huis van die Here.

3 Nou, ek glo daar is eenkeer gesê, in die Bybel: "Hoe lieflik is dit as broers in eensgesindheid saamwoon." Dis soos die salwings-olie wat op Aäron se baard was, wat afgeloop het na die soom van sy kleed. Ek dink daar is niks meer kosbaar as om een—eensgesinde mense te sien, in die Gees van die Here, om eensgesind te wees, wat almal saamstem nie.

4 Julle weet, ek dink die tien dae wat hulle gewag het vir die—die oorspronklike, eerste uitstorting van die Heilige Gees, hoe dit 'n eenwordingstyd moes gewees het, van die mense almal een van hart en eendragtig. En elke keer wat die mens so bymekaarkom, van toe af, ontmoet die Heilige Gees hulle altyd.

5 Die Bybel het gesê, Jesus wat praat, gesê dat: "Waar twee of drie ook al vergader is in My Naam, daar is Ek in hulle midde." So nou weet ons, waarlik, dat Jesus saam met ons vergader het, omdat ons in Sy Naam vergader het.

6 Nou, vanaand, is dit gegee om vir die siek mense te bid. En soos ek by die deur ingekom het, het ek gesien daar was diegene wat daar gelê het, wat siek en beproef was. My seun het pas teruggekom om vir my en Suster Moore op te laai, en na die kerk toe te bring; en hy het gesê hy het 'n paar gebedskaarte uitgegee,

sodat hy hulle kon tel en—en die mense een vir een kon bring, om vir hulle te bid.

7 Ek het vandag 'n wonderlike dag gehad. Ek was onder in 'n —'n parkie hieronder, en daar het 'n man aangekom, wat die—die goed uit die vullisdrom bymekaargemaak het.

Ek het gesê: "Ek's hier vir die diens."

Hy het gesê: "O, daarbo by die kampgronde?"

Ek het gesê: "Ja."

8 Hy het gesê: "Wel," hy het gesê: "ek gaan môre-aand soontoe." Hy het gesê: "Daar is 'n prediker, Broer Branham, wat gaan preek."

En ek het gesê: "Ja, meneer."

9 En hy het gesê: "Wel," hy het gesê: "ek wil soontoe gaan." Gesê: "My vrou en familie was gisteraand daar." En—en die—die man het gerook.

10 En—en ek het gesê: "Wel," ek het gesê: "ken jy vir Broer Branham?"

11 Gesê: "O, dit was jare gelede." Gesê: "Hy was hier vir . . . Ek het altyd gedink dit het nogal moed gekos, of geloof, of iets." Gesê: "Ek was hier oorkant by die arsenaal om hom daardie mense daarnatoe te sien bring, in beddens en draagbare, en blind en gebreklik, en hulle van die platvorm af sien loop."

Maar ek—ek het gesê: "Ek—ek is Broer Branham."

12 En hy—hy het gesê: "O, ek's nie . . ." Soort van sy sigaret weggesteek. En baie ordentlike soort kêrel. En 'n ander man het nadergekom, baie gaaf.

13 Ons het 'n bietjie gepraat, het met hulle gepraat oor die Teenwoordigheid van God. "Daar—daar is nê—nêrens wat jy kan kyk nie. Jy kan na die boom kyk, jy kan sien dit word beheer deur God. En alles waarna jy kyk, is God." Ek het gesê: "Ek hoop as ons weer ontmoet, in die lewe, dat jy Christelik sal wees soos jou familie." Vir hulle gebid net na hulle daar weg is, die ander man.

14 En as hulle hier is vanaand, hoop ek nie ek bring hulle in 'n verleentheid om hierdie te sê nie, maar ek—ek—ek vertrou dat God Christene van albei van daardie mans sal maak. Ons wil weer in 'n beter land ontmoet, waar die Boom van die Lewe blom aan die ander kant van die rivier. Ons weet almal ons is soontoe oppad.

15 En nou om net deur die markte en dinge te gaan, en bring ou herinneringe terug. En gisteraand, terwyl ek uitgegaan het, het Broer Johnson daarbuite gesit, 'n broer, hy en Suster Johnson. Ek het hulle vir 'n paar jaar nie gesien nie. Laaste keer wat ek hom gesien het, het hy 'n beroerte gehad, was verlam. Dit was oorkant in Kalifornië, Broer Noel. Dit bring die herinneringe van die ou dae terug, die eerste koms na Arkansas, klein stadjie genaamd

Moark, 'n klein Pinksterkerkie wat eenkant gesit het. Verder aan na Broer . . . na Corning, Arkansas, Broer Johnson en sy vrou. En hoe ek daardie groot dae onthou!

16 Toe verder aan na Broer T. Richard Reed. Ek onthou die oggend, onder by Jonesboro, sy vrou, sy was onvrugbaar. Hy wou kinders hê.

17 Ek was daaragter in die kamer, en die mense het die sif van die venster afgeskeur, toe hulle ingekom het, terwyl ek vir die siekes gebid het. Hy het my agter in 'n kamer gesit. Ek het 'n gebedsry gehad. Hy het gedink ek het ingegaan en bed toe gegaan, en daar sou mense wees wat op-en-af in die agterplaas gestaan het, 'n gebedsry gehou. En hy wat daarbuite aan die slaap was; ek was besig om vir die siekes te bid, deur die venster.

18 En ek onthou, volgende oggend, dat ek uitgegaan het. En Suster Reed het gedokter en alles, om te probeer om 'n babatjie te hê. En ek het deur die deure begin gaan, een van die eerste visioene in die diens, het ek haar 'n klein blonde-kop babaseuntjie sien vashou. Ek het in die Naam van die Here gespreek dat sy dit sou kry. Sy het, en hoe God hulle huis geseën het.

19 En, o, soveel dinge! En Broer G. H. Brown; Little Rock hieronder. Ek onthou daar, 505 Victorstraat.

20 Julle weet, ek—ek sou graag 'n reeks dienste wou hou en myself weer rondom terugvolg, in Arkansas en daardie kerke en dinge, en die mense sien, en hulle hande skud. Dis wonderlik, die mense van God! Oral waar ek gegaan het, ek was al ver onder in die oerwoude van Afrika, en oorkant onder die Indiërs, die vuurvreters, en toordokters, en regdeur die nasies, en om die wêreld, maar ek het nog nooit my vriende in Arkansas vergeet, van hoe hulle daardie hande sou hou, en hulle kinders onder die bakkie sou neerlê terwyl dit gespeel . . . gereën het nie. Jong meisies kaalvoet in die straat sien afloop, of in die pad af, en wat hulle voete afgestof het en hulle skoene en kouse aantrek het, ingekom het. Ek was agter in die bosse, aan die bid vir die diens. Ek sal dit nooit vergeet, wat regte egte mense is nie. Ek . . . net so dankbaar dat daar steeds sulke mense in die wêreld is.

21 Vanaand, ek het vergeet dat ek na hierdie diens toe moes kom nou die dag, en dit het net getrek, gerem. Nou die dag het die . . . een van die bestuurders wat na die oorsese pos omsien, ingekom met—met seshonderd oorsese uitnodigings, en baie van hulle petisies; behalwe, *so* 'n dik boek, in die laaste ses maande, wat ingekom het vir plekke. Ek wens ek kan na elkeen van hulle toe gaan. Maar gewoonlik probeer ek net gaan soos die Here my lei. Ek het nog nooit my byeenkomste groot laat raak nie. Ek's steeds dieselfde outjie wat eens op 'n tyd gekom het. Hoef nie enige geld te hê nie. Ek het nie enige groot programme om te borg

nie. Ek het glad nie enige geld nodig nie. Die Here sorg daarvoor, soos wat Hy in die eerste plek het.

22 Die enigste verskil vanaand is, met wat ek was toe ek die tyd na Corning gekom het, dat ek glo ek het 'n—'n geskeurde sak gehad, wat my broer my 'n pak gegee het wat hy gehad het. Jong kêrel, en hy—hy het dit geskeur. En—en ek . . . Dit was aan die regterkant, en het 'n groot stuk aan die agterkant afgeskeur. Ek en my vrou het afgegaan na die tiensent-winkel en 'n paar van hierdie lappe gekry wat jy opstryk, julle weet, maar dit wou nie opstryk op hierdie sak nie. Dit het aanhou lostrek. En ek het vir my garing gekry en dit vasgewerk. Dit was nie 'n baie goeie poging nie. Ek het nie toe 'n jas gehad nie, en ek onthou, ek moes altyd my regterhand oor daardie geskeurde plek hou, en met my linkerhand handskud met my predikersvriende, om te keer om daardie baadjie te wys. En ek het gesê: "Verskoon die linkerhand, dis nader aan my hart." Wel, ek het 'n beter baadjie vanaand, maar ek wil julle nogsteeds naby aan my hart hê. Julle was nog altyd daar. Ek het die Here Jesus nog net so lief as wat ek toe het.

23 En ek het die voorreg gehad om te preek vir vyfhonderdduisend mense op 'n keer. Ek het altaar-oproepe gesien, soveel soos dertigduisend kombers-inboorlinge wat hulle harte op een slag vir Jesus Christus gegee het, hulle afgode op die grond gebreek het. Gesien hoe vyf-en-twintigduisend buitengewone wonderwerke gedoen is binne die bestek van een sekonde, met een gebed, by Durban, Suid-Afrika; waar sestien vragmotorvragte rolstoele, beddens en draagbare—draagbare in die straat afgekom het.

24 Die volgende dag, toe Sidney Smith, die burgemeester, my gesê het om te gaan; my gebel, gesê: "Gaan kamer toe en kyk uit in die rigting van die Indiese See daar." En daar het hulle afgekom, inboorlinge wat met mekaar geveg het; wat in beddens en draagbare gelê het, tuisgemaakte goed waarin hulle hulle ingebring het; die dag vantevore; en hier het hulle agter hierdie sestien vragte aangekom, aan die sing: "Glo net! Alles is moontlik, glo net."

25 Laat jou dink: "Onuitspreeklike genade, hoe soet die klank, wat 'n ellendeling soos ek gered het." Om te dink ek het gemeenskap met sulke mense, om hier op hierdie aarde en in die Ewigheid saam te woon.

26 Ek ag hierdie 'n groot voorreg, in julle veldtog, of hier in julle konvensie. Ek is hoog geëerd om môre by een van julle dienste te preek, op die middag glo ek is dit, en vanaf twaalfuur tot twaalf-dertig, of so-iets soos dit, môre. Die Here wil, wil ek hier wees net met 'n eenvoudige Evangeliese Boodskappie.

27 Vanaand nou, om te bid vir die siekes. Ek nie . . . Die salwing om te bid vir die siekes, is 'n . . . Dis dieselfde Gees, maar 'n

verskillende salwing, terwyl daar vir die siekes gebid word, as wat dit op hierdie manier is. Ek het van vroeg vandag af nie geëet nie. En ek het na die gebou toe gekom, aan die vas, bid. En—en ek wil nie preek sodat ek onder die salwing is soos wanneer my predikerbroers, om te preek nie. Ek—ek wil die Teenwoordigheid van die Here voel wanneer ek vir die siekes bid, want elkeen vir wie ek bid, vanaand, wil ek—ek hê moet wees, ek wil hê hulle moet genees word. Ek—ek wil dit hê tot die eer van God, dat—dat God die siekes sal genees. En ek glo Hy sal dit doen.

28 So om dit te doen, en baie van julle mense was waarskynlik nog nooit tevore in 'n diens nie, en baie van julle is nie bekend met die bediening nie. Party van julle onthou toe ek die eerste keer hier in Arkansas was. Dit was voorspel, julle onthou. Ek neem die mense se hand, en ek sou net hulle hand 'n paar oomblikke daar hou, en dan sou die Here spreek en sou sê wat hulle gehad het. Toe het ek vir julle gesê dat Hy vir my gesê het, toe Hy my ontmoet het, dat: "Jy, as jy opreg sal wees, dat dit weer sou vergroot en jy sou die einste verborgenheid van hulle harte ken." Hoeveel het my dit ooit hoor sê voor dit gebeur het? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, dit het so gebeur. Nou het dit meer geword. Dit hou net aan . . . Die Here hou aan seën, en ons is net dankbaar daarvoor.

29 Op 'n manier, ek's nie 'n prediker nie; enigeen weet dit. Ek's, ek's—ek's 'n spaarwiel. Jy gebruik 'n spaarwiel wanneer jy kry 'n . . . Ons het geen papwiele gehad, egter nie. Nou ons, ek het maar net gekom, en hulle wil net die spaar 'n bietjie laat rol. Maar ek—ek is 'n spaar-wiel prediker, want ek het nie die opleiding om 'n prediker te wees nie; het nooit na enige Bybelskool toe gegaan nie. Maar wat ek weet van Jesus Christus, hou ek daarvan om dit op my eenvoudige manier uit te spreek, en God het dit geëer. En ek hoop, vanaand, dat op die manier wat Hy my gestuur het om die mense te bedien, wat is om te bid vir die siekes, dat Hy Homself sal bevestig voor julle vanaand, dat die God wat ek liefhet en julle liefhet, met ons is vanaand.

30 Laat ons nou vir 'n roetine Boodskappie. As jy nie die Boodskap voor die mense kry nie, verstaan iemand nie. Hulle sal weggaan en sê: "Ek het nog nooit van so-iets gehoor nie. Ek weet daar is glad nie so-iets in die Bybel nie."

31 So om—om hierdie te kan neerlê, wil ek—ek hê julle moet nou baie goed luister, vir 'n paar oomblikke, na 'n gewone Boodskap titeltjie, die veldtog tema: *Jesus Christus Dieselfde, Gister, Vandag, En Tot In Ewigheid.* Onthou nou daardie titel, dat: *Jesus Christus Dieselfde Gister, Vandag, En Tot In Ewigheid.*

32 En ek wil graag dit vra, voor ek lees, kan julle my goed hoor? Iemand het vir my gesê dat daar 'n weerklank was, as gevolg van die plafon wat so is. Is dit beter as ek *so* agtertoe staan? Is dit?

[Gemeente sê: "Nee."—Red.] Nee. Moet naby kom. Is dit beter? ["Ja."] Goed. Dis goed. Goed.

33 Nou wil ons in die Skrifte blaai, na Johannes 12, en die 20ste vers, en van hier af lees.

> Nou *daar was sommige Grieke onder dié wat opgekom het om op die fees te aanbid;*
>
> *Hulle het na Filippus gegaan wat van Betsáida in Galiléa was, en hom gevra en gesê: My heer, ons wil Jesus graag sien.*

34 Nou dis nogal 'n vraag, en dis 'n groot begeerte. En nou, vir die volgende twintig of dertig minute, kom ons luister nou goed, en dan sal dit nie 'n geheim vir julle wees nie.

35 Nou, ek is 'n groot gelowige in wat die Woord van God sê. Nou, ek weet God kan dinge doen wat nie in die Woord geskryf is nie. Maar is . . . as Hy net sal doen wat Hy in die Woord belowe het, sal dit genoeg wees vir my, net om Hom te sien. Dan weet ek dis reg, as Hy dit in die Woord geskryf het.

36 Nou as die Bybel gesê het dat: "Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid," nou het hierdie Grieke dieselfde begeerte gehad, reken ek, wat ons almal vanaand hier het. Want, daar is geen man, of persoon, wat ooit die Naam van Jesus Christus gehoor het, wat nie begeer om Hom te sien nie.

37 As ek hierdie gehoor vanaand sou vra, veronderstel ek sou elke hand opgaan: "Sou julle Jesus graag wou sien?" Dis net, sien, oral. Ons het Hom lief. Wel, dan vra ek hierdie vraag, waarom kan ons Hom dan nie sien, as die Bybel gesê het Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid nie?

38 Nou dit beteken nie net op 'n manier nie. Die Bybel het gesê: "Hy is dieselfde." Nou vir my, is die Bybel . . . Dis óf verkeerd óf Dis reg. Nou, as dit nie die geïnspireerde Woord van God is nie, dan weet ek nie wat om te glo nie.

39 Ek het die voorreg gehad om baie, baie vorms van godsdiens te sien, reg in—in—in Durban.

40 En in Bombaai, was ek een aand getrakteer in die tempel van die Djaine, waar sewentien verskillende godsdienste van Indië, elkeen van hulle ontken Jesus Christus, en elke . . . Daar getrakteer deur hierdie sewentien verskillende godsdienste.

41 En ek het daardie aand gesien, onder die krag van die Heilige Gees, hoedat God 'n uitdaging gemaak het aan elke heilige man, elke godsdiens, en al die res, aan 'n blinde man wat op die platvorm gestaan het. Toe hulle die onderskeiding gesien het, het hulle gedink dit was 'n soort van telepatie. Toe het 'n visioen gekom van 'n man wat blind was vir twintig jaar, 'n son-aanbidder. En ek het die visioen gesien dat hy genees sou word. Toe het ek elke Mohammedaanse priester, elke Boeddhiste priester, elke heilige man, Raja's, en almal uitgedaag, dat: "Enige

man wat hiernatoe sal kom en vir hierdie man sy sig sal gee, ek die god sal aanbid wat hom sy sig gegee het. En hy het gesê hy sal dieselfde doen." Hy het die son aanbid.

42 En ek het gesê: "Wat, wat sou julle maak? Wat sou julle Mohammedane met hom maak? Julle sou sê: 'Hy het die—die skepping in plaas van die Skepper aanbid.'" Ek het gesê: "Ek sou 'amen' sê daarop. Maar dan moet daar iemand wees wat reg is en iemand wat verkeerd is." Ek het gesê: "Wat sou julle doen? Julle sou 'n Mohammedaan van hom maak. Die Boeddha sal 'n Boeddha aanbidder maak, ensovoorts." Ek het gesê: "Wat sou julle doen? Julle sou hom net van gedagte laat verander. Julle sou net sy manier van dink verander."

43 Ek het gesê: "Ons het dieselfde ding in die Verenigde State. Al die Metodiste wil hê die Baptiste moet Metodiste word. En dan wil die Presbiteriane hê hulle moet almal Presbiteriane word. En—en die Eenheid wil hê hulle moet Tweeheid word. En die tweeheid wil hê hulle moet word . . . O, goeiste! Wat is dit? Dis 'n verandering van gedagte. Daar moet iets egs iewers wees. Sien, iets moet reg wees, en iets is verkeerd."

44 Ek het gesê: "Nou laat die God van die skepping sy sig herstel, hier voor 'n halfmiljoen mense. En hy het gesê, die god wat hom sy sig sal gee, sal hy dien." En ek het gesê: "Ek sal 'n dissipel word van die man wat kom en vir hom sy sig gee."

45 Dit was die stilste vyfhonderdduisend wat jy al ooit gehoor het. Niemand. Ek sou nie daardie uitdaging gemaak het as ek nie die visioen gesien het nie. Nou, daar was vyfhonderdduisend getuies daarvan.

46 En ek het gesê: "Hoekom kom julle nie? Want julle kan dit nie doen nie." En ek het gesê: "Julle, julle Mohammedane, julle sê die Mohammedaanse godsdiens is die grootste in die nasie," en ek het gesê: "en wat dit mag wees, in getalle; en die Boeddha, ensovoorts. Maar sekerlik is daar 'n priester wat in staat is om te kom en hierdie uitdaging te kan aanvaar." Niemand het nie.

47 Ek het gesê: "Die rede waarom julle dit nie doen nie, is omdat julle nie kan nie. En ek kan ook nie. Maar die God van die Hemel, het Jesus Christus opgewek, waarvan ek Sy getuie is vanaand, dat ek 'n visioen gesien het dat die man sy sig gaan ontvang. As hy dit nie kry nie, dan is ek 'n valse profeet, en jaag my uit julle land uit. Maar as Hy dit wel doen, dan is julle verplig, voor julle eie priesters en alles, om te getuig dat Hy waarlik die Seun van God is, en die Verlosser van die wêreld." Almal was stil.

48 Die blinde man gebring; my arms om hom gesit. Ek het gesê: "Here Jesus, volgens die visioen wat nie kan faal nie, bid ek dat U vir die man sy sig sal gee." En hy het begin skree. En die burgemeester van die stad het daar gesit, en hy het gehardloop en hom gegryp. Hy kon so goed sien soos ek kon.

49 Toe het hulle 'n burgermag gehad van omtrent, o, honderde soldate, wat nie die mense kon terughou nie. Hulle het bo-oor die soldate gehardloop, onder hulle bene en stokke deur gehardloop, waarmee hulle die skare probeer terughou het. Tyd wat ek by 'n motor gekom en uitgekom het, het ek skaars klere aangehad, geen skoene aan my voete nie, die skoene probeer beetkry, en aan die jas en alles getrek, aan die honger en dors na God.

50 Maar die God van Elía lewe nogsteeds vandag, en Hy is net soveel God as wat Hy ooit was.

51 Nou alle stigters van godsdiens. Daar gestaan by die graf van Mohammed, was 'n wit perd, wat daar gestaan het vir tweeduisend jaar. Hulle het die wagte omtrent elke vier tot ses uur omgeruil, en hulle verwag dat Mohammed sal opstaan en—en die wêreld plat ry. Julle weet, die . . . en hy het die boek van die Koran geskryf, ensovoorts. Maar, o, Boeddha, omtrent drie-en-twintighonderd jaar gelede, was 'n—'n man, 'n godsdienstige man in—in Japan, ensovoorts. En al hierdie godsdienste, elkeen van hulle stigters is dood en in die graf.

52 Maar Christendom, na 'n wêreldwye ondervinding, is Christendom die enigste ware godsdiens. Dis die enigste een wat 'n leë graf kan wys. Dis die enigste een wat hulle stigter, enige man, en geen man soos Hy nie, ooit op die aarde gestaan en gesê het: "Ek het mag om My lewe neer te lê en dit weer op te neem. 'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien. Die ongelowige sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien. Want Ek," ek is 'n persoonlike voornaamwoord: "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld, tot die voleinding." Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid!

53 Nou het ons by die gedagte gekom. Nou as Hy dieselfde is, is Hy nie dood nie. Hy het opgestaan uit die dood, en Hy het belowe dat Sy gelowiges Hom sou sien, regdeur tot die einde. Reg tot by die voleindig, dat hulle Hom sou sien, nou, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid.

54 Baie mense met wie ek gepraat het, het gesê: "Wel, op 'n manier is Hy dieselfde."

Die Bybel het nie gesê: "op 'n manier," nie. Dit het gesê: "Hy is dieselfde."

55 En as ons honger om Hom te sien, met dieselfde entoesiasme as wat hierdie Grieke gehad het. Hulle het van Hom gehoor, hulle het gekom en Hom te siene gekry, deur die bedagsaamheid van een van Sy dissipels. Wel, kan ons nie dieselfde doen, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid nie? "Menere, ons wil Jesus sien."

56 Nou, ons kan praat oor die opstanding, ons kan daaroor praat. Maar as dit nie 'n werklikheid is nie, word dit net 'n—'n blote mite, dis 'n storie. Maar as dit bewys word as die Waarheid,

dan is ons onder die gelukkigste mense, en ek's bly om onder hulle te wees.

57 Nou, as—as Jesus Christus sal verskyn aan ons, vanaand, en ons kan sien deur God-gegewe beginsels, en deur die einste aksies van Sy Wese, dat Hy hier is, dan behoort ons Hom ten minste te aanvaar, Hom te verwelkom. Nou, dis 'n baie groot stelling, maar ons het 'n baie groot God wat elkeen van Sy Woorde hou.

58 En wanneer ons enigiets in die Bybel vind, hang jou siel daaraan. Dis die Waarheid. Bly net reg by wat God belowe het, sal God doen.

59 As ons die kinders van Abraham is, glo ons daardie dinge. Abraham het, teen groot omstandighede, dinge wat nie was nie, genoem asof hulle was, want hy het geglo dat God in staat was om Sy Woord te hou. En ons noem onsself die kinders van Abraham. Abraham het vyf-en-twintig jaar gewag vir die belofte. In plaas van om swakker te word, het hy sterker geraak. En hoe anders is dit blykbaar vandag met Sy koninklike Saad.

60 Nou, die ware saad van Abraham is—was Isak, ons besef dit, waaruit die Jode gekom het, wat uiterlik is.

61 Maar die Saad aan wie God die belofte gegee het, was die Saad van Abraham, die geloof wat hy in God gehad het. Dat ons, deur Jesus Christus, Wat Sy Woord is, erfgename van Hom word. En hierdie kerk, vanaand, van die pelgrims van hierdie dag, is absoluut die koninklike Saad van Abraham, met egte geloof.

62 Nou, as ek vir die Metodiste sou vra: "Glo julle dit?" "Ja." "Glo julle Hy is met julle?" "Ja." Die Baptiste, Presbiteriaanse, Lutherse, Pinkster, sovoorts, almal sou dieselfde sê.

63 Maar nou hoe sal ons nou na Hom soek? Na watter soort persoon sou ons soek, as ons wou sien of Hy dieselfde was? As Hy hier in Arkansas was, vanaand, in hierdie tabernakel, na watter soort persoon sou ons soek?

64 Ons, ons sou soek na iemand wat is, wel, miskien met 'n lang kleed, en 'n baard op sy gesig, en spykermerke in sy hand, en doringmerke op sy—op sy voorkop? As julle sou soek na so 'n persoon, kon enige skynheilige jou daarmee bedrieg. Dis reg, nabootsing. 'n Man kon littekens op sy hande verf, en hy kon selfs homself met dorings steek en die littekens maak, maar enige nabootser kon dit doen.

65 Maar dan, as ons nie gesoek het na so 'n soort man nie, nie na sy kleredrag of wat sy bou sou wees nie. Want, as Hy hier was, sou Hy soos ons aangetrek gewees het. Daar was geen verskil nie. Hy het aangetrek en onder mense gewandel net soos mense was. Hy het nooit aangetrek soos die geestelikes van daardie dag nie. Hy het net die gewone straatdrag aangehad. So Hy sou net gewoonweg aangetrek wees, waarskynlik met 'n pak

aan, ensovoorts, soos wat enige ander man vandag sou dra. Soos die ambagsman, of die—die sakeman, of wat ook al, dit sou die manier wees wat Hy aangetrek sou wees. So jy sou Hom nooit op daardie manier uitken nie. Jy sou Hom nooit uitgeken het aan Sy bou, of Hy lank, maer, kort, geset was nie; of, ons, ons weet nie, so jy sou nooit weet nie.

66 Maar ek sê wat Hy sou wees, as Hy hier was vandag, sou Hy die Woord van God wees. Dis presies wat Hy was, en Hy steeds is. Hy is die Woord, nie net die geskrewe Woord nie (Hy is die geskrewe Woord), maar die manifestasie van die geskrewe Woord. "God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen." God, die Woord, is gemanifesteer in vlees, sodat Sy Woord gespreek kon word deur menslike lippe en Woord kon word. En Hy is gemanifesteer in die vlees, dit was Jesus Christus, God, Emmánuel.

Nou, julle sê: "Is Hy die Woord?"

67 Johannes, die 1ste hoofstuk, sê vir ons: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon."

68 Wat was sommige van die dinge wat Hy sou doen? Ons vind uit, in Hebreërs, die 4de hoofstuk en die 12de vers, die Bybel het gesê dat: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, en Dis 'n onderskeier van die gedagtes van die hart." Die Woord is. So die Woord is 'n onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart. Dit sou Jesus, presies as die Woord kwalifiseer. Hy het die gedagtes geken wat in hulle harte was. Hebreërs 4:12.

69 Nou as ons Hom wou identifiseer, sou ons verwag dat Hy een of ander Doktor van Godsgeleerdheid sou wees? Daar is geen rekord van Hom wat ooit in 'n skool was nie.

70 Kon ons Hom identifiseer met enige denominasie? Hy het gekom in die tyd wat daar baie denominasies was, maar Hy het nooit Homself geaffilieer met enige van hulle nie. So Hy . . . Ons kon nie sê Hy was 'n Fariseër, of 'n Sadduseër, of sovoorts nie. Ons kon Hom nie identifiseer met enige sekere denominasie nie.

71 Hy het gekom vir die mense. God, wat God van almal was, Hy is die God van die hele skepping. Hy het gesterf om sondaars in elke kerk te red, om—om elke siek persoon te genees. Hy het gekom om diegene te aanvaar wat Hom sou aanvaar.

72 Dis dieselfde manier waarop Hy hier is vanaand, om hulle te genees wat Hom sal aanvaar, om hulle te red wat Hom sal aanvaar. Hy kom in dieselfde vorm, op dieselfde manier.

73 As Hy kom, sou Hy moes kom in 'n Skriftuurlike identifikasie. As Hy nie Homself geïdentifiseer het . . . Daar is geen plek wat ons kon vind in die Bybel, in die Ou Testament, waar Hy nie Homself korrek geïdentifiseer het met die Skrif nie,

soveel so dat Hy gesê het: "Wie, watter een van julle kan My van sonde veroordeel?"

74 Nou, ons weet almal dat *sonde* "ongeloof" is. "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel." Nou, sonde is die eienskap van ongeloof. Om sigarette te rook is nie 'n sonde nie. Steel is nie 'n sonde nie. Lieg is nie 'n sonde nie. Owerspel pleeg is nie 'n sonde nie.

"Wat is dit dan?" sou julle sê.

75 Dis die eienskappe van ongeloof. As jy 'n gelowige was, sou jy nie daardie dinge gedoen het nie. Die rede waarom jy dit doen, bewys dat jy 'n ongelowige is. Sien? Daar is net twee faksies, dis, jy is óf 'n gelowige, óf nie 'n gelowige nie.

76 En hoe, was altyd vir my 'n raaisel, dat 'n mens kan sê hy het die Heilige Gees in hom, en ontken dat die Woord van God waar is. Wanneer, die Heilige Gees Self die Woord van God geskryf het. En julle weet Hy sal nie Homself verkeerd noem nie. So Hy het die Skrifte geskryf, en Hy staan by die Skrifte, en God waak oor Hulle, om Hulle te bevestig.

77 So kom ons gaan net terug en vind uit wat Hy was, as ons wil weet of Hy dieselfde is vandag. Die enigste regte manier om uit te vind, is om uit te vind wat Hy vandag is, is om terug te gaan en uit te vind wat Hy gister was, dan sal ons weet wat Hy vandag sal wees. Is dit goed genoeg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] As ons kan vind wat Hy gister was!

78 Natuurlik, kan ons weer begin met 'n lang storie. Ek wil julle nie lank hou nie, want julle moet môre hier wees, en ons wil 'n gebedsry hou, maar ek wil hê julle moet hierdie nou regtig neem en aandagtig luister. As ons net kan teruggaan en uitvind wat Hy gister was, dan kan ons uitvind wat Hy vandag is, want die Bybel het gesê: "Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

79 Die rede waarom ek daardie bladsye teruggeblaai het, was om hier, terug, uit te vind om te . . . Ek begin en ek lees Johannes 12:20, laat ons net voortgaan in Johannes. Ons kan dit enige plek in die Skrifte neem wat julle wil, want die hele Boek is 'n getuienis van Jesus Christus. Dis die volle openbaring van Jesus Christus. Niks kan Daarby gevoeg word of Daaruit weggeneem word nie. Dis wat Hy is. Hy is Emmánuel, en dit—dit handel dit af; maak nie saak wat ons Hom probeer maak, iets anders, of 'n profeet, of—of so-iets nie. Hy was 'n profeet; Hy was meer as 'n profeet. Hy is 'n God-profeet. Maar Hy was—Hy was meer as dit. Hy was Emmánuel; nie net 'n goeie man, 'n leraar, 'n filosoof nie. Hy was dit alles, ook, en plus dit. Sien?

80 Nou in Johannes, die 1ste, sal ons vanaand begin, en miskien sal ons dit môre 'n bietjie, 'n ander Boek vat. Kom ons begin in Johannes 1. Ons vind uit . . . Ons ken almal Sy maagdelike geboorte, dat hoe God die maagd oorskadu het, en 'n Bloedsel geskep het wat die Seun, Christus Jesus voortgebring het. En op

die oewer van die Jordaan, toe die God neergedaal het in die vorm van ’n Lig, of ’n duif, het niemand behalwe Johannes dit gesien nie. Al daardie mense wat daar rondgestaan het, het Dit nie gesien nie. Niemand het Dit gesien, behalwe Johannes nie. Hy was die enigste een wat Daarna gesoek het, so God het vir hom gesê hy sou Dit sien.

81 Jy sien net waarna jy soek. As jy vanaand hiernatoe gekom het om Christus te soek, sal jy Hom sien. As jy kom om te kritiseer, sal jy baie, baie in jou hande hê om te kritiseer. Hang af van waarna jy soek.

82 Johannes het gesê: “Hy wat vir my in die woestyn gesê het om te gaan doop met water, het gesê op wie ek ‘die Gees sal sien neerdaal en bly, Hy is die Een wat sal doop met die Heilige Gees en Vuur.’” Johannes het getuig, gesê: “Ek het die Gees van God uit die Hemel sien neerdaal, soos ’n duif, en Dit het op Hom gegaan.” En toe is Hy na die woestyn, en na versoeking, gedryf. Uit die woestyn uitgekom, en het onmiddellik, vind ons, gebid vir die siekes.

83 Nou, julle sien, die eerste ding, het die Gees van God op Hom gekom voor Sy bediening, so dis waarom Hy kon sê: “Dit is nie Ek wat die werke doen nie, dis die Vader wat in My woon. Hy doen die werke.” Nou vind ons dat Sy bediening begin het, die siekes begin genees het, deur—deur gebed.

84 Nou God genees op baie maniere. ’n Dokter het vir my gevra, nie lank gelede nie, gesê: “Wat’s jou opinie van medisyne, Broer Branham?”

85 Ek het gesê: “Wel, God is die enigste Een wat kan genees, meneer.” Ek het gesê: “Die Bybel lieg nie, en die Bybel het gesê: ‘Ek is die Here, wat al jou krankhede genees.’” En ek het gesê: “Die Bybel kan nie lieg nie.” Ek het gesê: “God genees deur medisyne. God genees deur liefde. God genees deur begrip. God genees deur sorg. God genees deur gebed. God genees deur wonderwerke. Die hele ding, God genees. Dis al, al wat daar is, Hy is ’n geneser.”

86 Ons het nie ’n medisyne wat kan skep nie, en ’n sel in jou hand kan skep, om te genees; in jou liggaam te skep, om te genees nie. Ons kan ’n tand beweeg, ons kan ’n blindederm uitsny, of ’n galblaas verwyder, maar wie het genees? God. Geen medisyne sal weefsel bou nie, net God. Lewe bou weefsel. God is die enigste geneser, en ons het daaroor gepraat.

87 En ons vind nou uit, dat Jesus rondgegaan en die siekes genees het. En daar was een van Sy dissipels met die naam van Andréas.

88 En ek wil hierdie in ’n drama maak, want daar is kinders wat hier sit, en ’n siek dogtertjie wat daar lê. Ek wil hê sy moet dit verstaan.

89 Julle weet, Andréas was Simon se broer, wat later Petrus genoem is. En Andréas het 'n—'n volgeling van Johannes geword. En Johannes het aangekondig dat daar 'n Messias sou kom, en hy was seker dat dit in sy geslag sou wees. Dis waarom hy nooit na enige skole of kweekskool toe gegaan het nie. Sy werk was te belangrik.

90 Wel, julle weet, as die priester sou verstaan het dat hy die een sou wees wat moes aankondig die geboorte . . . of die komende Messias, en Hom moes bekendstel aan die wêreld, wel, sou hulle gesê het: "Nou, nou, Doktor Johannes, voel jy nie dat Broer *So-en-so* hier, dink jy nie hy gekwalifiseerd net om die Messias te wees nie? Wel, kyk na hom, hy—hy—hy het 'n goeie agtergrond. Jy weet jy weet dit, dis die Messias. Hoekom gaan en vertel jy nie vir die wêreld nie?"

91 Maar, sien, sy werk was te belangrik om deur 'n mens oortuig te word. Hy het in die woestyn ingegaan en gewag in die kweekskool van God se geleerdheid, tot God vir hom gesê het: "Op Wie jy die Gees sal sien neerdaal, dis die Een om aan te kondig, die Messias." Sien?

92 Nou vind ons dat Andréas dit geglo het, sonder twyfel baiekeer teruggekom het en vir Simon daarvan vertel het. Maar Simon, wat soort van 'n bietjie hardkoppig was, soos ons . . . Verskoon die uitdrukking; ek hoop nie dit klink ontheiligend nie. Maar hy, soort van 'n bietjie hardkoppig, soos ons dit vandag sou noem: "O, gaan gerus voort, as jy daarna wil luister." En eendag het hy gekom en hom vertel dat hy die Messias gevind het, en hy kon dit skaars glo.

93 En ek kan Andréas nou net vir Simon sien naderbring voor die Here Jesus. Eerste keer wat hy Hom ooit gesien het. Jesus het pas teruggekom van die woestyn af. Sy bediening het begin, nou moes Hy geïdentifiseer word. En sodra Simon in die Teenwoordigheid van die Here Jesus ingestap het, het Jesus na hom gekyk en gesê: "Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona."

94 Nou, onmiddellik, vind ons uit, dat Simon geglo het. Hy het toe die naam van Petrus gehad. Hoekom het hy dit geglo?

95 Ek het 'n storie gelees van sy vader, Jona, was 'n groot man van—van gebed. Hy het sy seuns grootgemaak om—om in God te glo. En elke dag was hulle beroep visvang, so baiekeer moes hulle op hulle knieë gaan en tot God bid om vir hulle 'n goeie visvangs te gee sodat hulle hulle skuld kon betaal en brood vir daardie dag kon kry.

96 En voor hy gesterf het, het die ou kêrel eendag op die rand van sy boot gaan sit, en hy het vir die seuns gesê, hy het gesê: "Seuns, ons is Hebreërs, en ons glo dat daar 'n Messias sou kom. En ek het altyd gehoop dat ek sou lewe om die dag te sien dat die Messias Sy voete op die aarde te sien sit. En ek . . . maar ek

reken ek sal dit nie beleef nie, want ek is nou oud en ek moet gaan. Maar, seuns, Satan gaan nie daardie Messias laat opstaan sonder 'n klomp valse messiasse eers nie. So ek wil hê julle seuns moet onthou, moenie verbaas wees oor 'n—'n klomp dinge wat sal plaasvind nie. Maar ek wil hê julle seuns moet ingelig wees. Onthou, dat ons hierdie het: 'n Messias, wanneer Hy kom, sal Hy Skriftuurlik geïdentifiseer moet wees deur God, voor Hy die Messias is." Ons het meer pappas soos dit nodig vandag!

97 "Hy sal Skriftuurlik die Messias moet wees. En ons het nou vir Moses gevolg, die groot profeet wat ons volk uit Egipte uitgelei het, en ons het na sy lering geluister. En ons—ons weet dat—dat Moses reg was. En in Deuteronómium, die 18de hoofstuk, het Moses vir ons vertel dat: 'Die Messias; die Here julle God sal 'n profeet soos ek oprig, en na Hom moet hulle luister.'"

98 Nou, Israel is altyd geleer om net die profete te glo. Julle Bybelleraars weet dit. En 'n profeet kon net geïdentifiseer word, as 'n profeet, dat wanneer hy geprofeteer het, en die ding wat hy gesê het, gebeur het. Die Bybel het gesê: "As daar een onder julle is, wat geestelik is of 'n profeet, sal Ek die Here met hom praat, Myself aan hom bekendmaak, in visioene en drome. En as wat hy sê gebeur, luister dan na hom. Maar as dit nie gebeur nie, moet hom nie vrees nie." Daardie selfde, dis wat Hy vir Moses gesê het om vir die volk te vertel, en dit was hulle Skriftuurlike identifikasie dat die Messias die profeet sou wees.

99 Nou enigiemand weet dat die Woord van die Here na die profeet toe kom; nie na die priester toe nie, maar na die profeet toe. Die Bybel het so gesê. Die Woord van die Here het na die profeet toe gekom. En ons weet, as dit die Woord van die Here is, en die profeet is eg, dan is sy woorde waar, dan kom sy woorde uit. En dis sy getuigskrifte, dat dit, eerste, die Woord is. En, eerste, is God die Woord. En dan, as hy 'n woord spreek, en dit gebeur, dan wys dit dat God daardie man Goddelik aangestel het.

100 Nou dan, met dit in gedagte, kon hulle allerhande soorte sensasies en al die res in die wêreld laat opstaan het, daardie Bybelstudente sou dit nooit geglo het nie, want die Messias moes 'n profeet wees. En hulle het vir vierhonderd jaar nie 'n profeet gehad nie. Maléagi was die laaste profeet. Geen profeet nie.

101 En hier kom Simon, met sulke leer soos daardie, in die teenwoordigheid van 'n Man in wat sy broer vas geglo het dat Hy die Messias was. En sodra hy in Sy Teenwoordigheid ingestap het, het Hy nie net geweet wie hy was nie, Hy het daardie goddelike ou vader, Jona geken. Geen wonder dit het die styfheid uit hom uitgehaal nie. Hy het geweet dis die ware identifikasie van die Messias. "Jou, jou naam is Simon, jy is die seun van Jona."

102 En 'n man, wat so ongeletterd was dat hy nie eers sy eie naam kon teken nie, word vir ons vertel; die Bybel het gesê, in die Boek van die Handelinge van die apostels, die 3de hoofstuk, dat: "hy beide onkundig en ongeletterd was." Maar dit het God behaag om hom die hoof van die kerk te maak by Jerusalem, en vir hom die sleutels van die Koninkryk te gee. Want, toe daardie voorbestemde saad, wat daar in daardie ou visserman gelê het, en toe die Lig dit getref het, het dit vinnig herken dat dit die Messias was.

103 Nou dit het daar bewys, dat daardie man geweet het, dit het bewys dat daardie saad daar gelê het. Sy naam was op die Lam se Boek van die Lewe vanaf die grondlegging van die wêreld, toe die Lam geslag is in God se Eie denke. En sodra die Lig dit getref het, het dit vinnig begin lewe en herken dat dit die Messias was.

104 Daar het een daar gestaan met die naam van Filippus, en hy het hierdie gesien, vinnig opgekom in sy gedagte. "Dis waarlik Hy, want ek ken die Skrifte. Daardie Man het nog nooit vantevore daardie man gesien nie, en hoe sou Hy weet wie hy was? Dis die Profeet."

105 Hy het gegaan na 'n vriend toe, saam met wie hy Bybelstudie gehad het, van 'n seuntjie af. Sy naam was Natánael. Dis vyftien myl van waar hulle gepreek het, om die berg, na waar Natánael 'n olyfboord besit het. Ek kan my Filippus op sy pad voorstel, wat spring en skree. Hy het iets egs gevind.

106 O, hoe Dit ons harte behoort te beweeg, om die heuwels, oor die prêries, af deur die velde, af deur die steeg, oor die straat, oor die nasie, êrens.

107 Hy het iets gevind. En hy het 'n vriend gehad. Bybelstudies, tevore, het bewys dat hierdie Skriftuurlike Messias die Profeet sou wees. Geen profete vir vierhonderd jaar nie.

108 Toe hy in die plek ingekom het, vind hy Natánael buite onder 'n boom, aan die bid. En miskien het hy net 'n paar oomblikke gestop, om te wag, as 'n Christenheer, om te wag tot hy sy gebed beëindig het. En toe hy opgestaan het, miskien die stof van sy kleed afgestof het, mag Filippus vinnig gesê het: "Natánael!"

En hy het gekom, gesê: "Filippus, my kollega, ek is bly om jou te sien!"

109 En miskien was die gesprek iets soos hierdie. Sien, hy het nie tyd gehad om te sê: "Hoe gaan dit met die olywe?" Of: "Hoe gaan dit met die vrou en kind?" nie. Sien, die boodskap was dringend. Hy het iets gesien. Hy het die Skrif geïdentifiseerde, Messias, gesien, en dis waarna hulle vir jare en jare en jare gesoek het. Hy het gesê: "Kom, kyk vir Wie ons gevind het! Jesus van Násaret, die seun van Josef, kom, sien Hom!" Die boodskap was dringend.

110 Ek sê vir julle, broers, as ons daardie soort entoesiasme kan kry, dat ons Boodskap so dringend is. Ons het nie tyd

vir dwaasheid nie. Kom ons kry die Boodskap by die mense, mense wat dit uitgesweet het deur vervolgings, is die kinders van ons vaders wat in die strate gestaan het, met 'n—met 'n tamboeryn in hulle hand, en mielies sou eet van die spoorlyn af, om hierdie Hoofweg te ondersteun, hierdie Evangelie. En Christus nou onder ons te sien, kom ons kom by die wêreld uit Daarmee, so gou as wat ons kan, en hom vind.

Gesê: "Kom, kyk vir Wie ons gevind het."

111 Nou vind ons uit dat Natánael nogal 'n teoloog was, en ek kan my voorstel dat hy vir Filippus sê: "Nou wag net 'n bietjie, Filippus, van watter diep kant het jy afgespring?" Julle weet, daardie praatjies gaan nogsteeds vandag rond, sien: "Na watter kant toe het jy afgehardloop?" Een of ander los punt iewers, julle weet. "Ek—ek ken jou as 'n standvastige, verstandige man, en hier kom jy opgehardloop en sê vir my dat die Messias hier op aarde is?"

112 Hy moes met die magiërs gepraat het. Julle weet, die magiërs was bo in Babilon. Hulle was Jode wat astronomie bestudeer het daarbo. En toe hulle daardie drie sterre in lyn sien kom het, was dit 'n teken, 'n ou Hebreeuse teken, dat wanneer daardie drie sterre in lyn kom, was die Messias op aarde. Hulle het gekom, uitgeroep: "Waar is Hy, wat gebore is as Koning van die Jode? Ons het Sy Ster gesien en ons het gekom om Hom te aanbid."

113 Maar, Filippus, hierdie. Hulle het nie die verskillende kanale gehad soos televisie, radio en koerant, en dinge in daardie dae nie, en hulle sou in elk geval nie enigiets soos daardie gepubliseer het nie. So die eerste ding waarvan ons weet, vind ons Filippus en Natánael wat praat: "Wel," het hy gesê: "kom."

114 Hy het gesê: "Kyk, kan enigiets goeds uit 'n klomp holy-. . . " verskoon my: "'n klomp mense soos daardie, uit Násaret uitkom?"

115 Wel, weet jy wat dink ek? Filippus het hom die beste antwoord gegee wat enigiemand vir 'n man kan gee. Hy het dit nie probeer verduidelik nie. Hy het nie probeer om in die tegniese daarvan in te gaan nie. Hy het net gesê: "Kom kyk. Kom, sien vir jouself. Steek daardie boekrol onder jou arm in, van Deuteronómium 18, en kom volg my en ons sal uitvind."

116 Kom ons luister na hulle gesprek terwyl hulle loop. Sien, hulle moes daar kom, een dag, en die volgende terugkom, vyftien myl. So op die pad, rondom, kan ek Filippus hoor sê: "Nou kyk, Natánael, soveel Bybelstudies as wat ons gehad het, glo ons vas dat die Messias die God-Profeet moet wees, want Moses het so gesê. En ons het Moses gevolg, en was veronderstel om hom te volg totdat hierdie Profeet gearriveer het. En wanneer hierdie Profeet op die toneel verskyn het, dan sou Hy aan ons die weg van lewe bekend maak, van dan af. En as . . . Jy weet, wie Hom nie glo nie, sal afgesny word onder die volk, as ons Hom nie glo nie."

"Wel, hoe weet jy hierdie kêrel is 'n Profeet?"

117 Sê: "Onthou jy daardie ou visserman daaronder, vir wie jy daardie vis gekoop het daardie dag, by, en hy nie genoeg geleerdheid gehad het om sy naam op die kwitansie te teken nie?"

"Ja, ek onthou hom. O, sy naam was Simon. Ja."

118 "Sy broer, Andréas, het Johannes se diens bygewoon. En toe hy die aankondiging gesien het, en die aankondiging van Johannes gehoor het, wat sê: 'Hierdie is die Messias.' En, Johannes, weet ons, was 'n profeet, so hy kon niks verkeerd gesê het nie. Hy het aangekondig: 'Dit is die Messias,' en so het hy die teken bokant Hom gesien. En hy het gister sy broer gebring. En sodra hy in Sy Teenwoordigheid ingestap het, het Hy gesê: 'Jou naam is Simon, en jy's die seun van Jona.' Wel, dit sou my nie verbaas as Hy vir my sê wie jy is, wanneer jy daar kom nie," sou hy sê.

119 "O," het hy gesê: "nou wag 'n bietjie, wag 'n bietjie! Ek moet dit self sien. Ek—ek—ek moet dit sien."

120 So ons vind hier, die volgende dag, wat gebeur het. Hulle het gearriveer, groot skares mense staan. Jesus het miskien gepraat. Miskien het hulle gesit, baie van hulle, miskien het hulle gestaan; ek weet nie. Maar, in elk geval, Filippus het opgekom, en hy het Natánael nadergebring, en toe Jesus omgedraai en na hom gekyk het, het Hy gesê: "Kyk, 'n Israeliet, 'n ware Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie."

121 Wel, dit het daardie man so verbaas! Hy het gesê: "Rabbi, hoe, hoe het U enigiets van my af geweet? Ek—ek—ek—ek ken U nie. En U het my nog nooit gesien nie, en ek het U nog nooit gesien nie. Hoe, hoe sou U enigiets van my af weet?"

122 Hy het gesê: "Wel, voordat Filippus jou geroep het, was jy onder die boom. Ek het jou gesien." O, goeiste, watter oë! Die vorige dag, en vyftien myl om die berg: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

123 Wat het hierdie geleerde man, 'n, toekomstige, seun van God, wat het hy geleer? Hy het geleer dat daardie die identifikasie van die Messias was. Wat het hy gedoen? Sonder twyfel het hy omgekyk en sy priester, en al die res van hulle, daar sien staan. Hy het na Sy voete toe gehardloop, en neergeval, en gesê: "Rabbi, U is die Seun van God. U is die Koning van Israel."

124 Jesus het gesê: "Jy het geglo omdat Ek vir jou hierdie dinge vertel het. Nou sal jy groter as hierdie sien."

125 O, maar daar het sommige daar gestaan, priesters, geestelikes. En hulle het geweet dat hulle sou moes antwoord gee aan hulle gemeentes, daarvoor, so hulle moes iets sê. Weet julle wat het hulle gesê? "Hierdie man is Beëlsebub. Hy is net 'n fortuinverteller, of een of ander soort duiwel."

126 En Jesus het omgedraai en gesê: "Julle dit spreek teen die Seun van die mens, sal dit julle vergewe word. Maar wanneer die Heilige Gees kom om dieselfde ding te doen; om 'n woord Daarteen te spreek, sal nooit in hierdie wêreld vergewe word of—of in die wêreld wat sal kom nie." In watter posisie sal dit ons dan plaas!

127 Nou vind ons uit, verderaan, ons kan deur die Skrifte gaan. Hulle. . . Kom ons vat nog 'n bladsy en blaai weer die Bybel. "Ons moet by Samaria langs gaan," eendag toe Hy op Sy pad was na Jérigo toe. Jérigo was aan die voet van die heuwel, en Jerusalem was bo-op die heuwel. Samaria is ver terug, dit sou wees soos om Kalifornië toe—toe te gaan deur—deur Hot. . . deur Little Rock. Jy sou reg rondom moes gaan. Maar Hy moes by Samaria langs gaan. Nou vind ons uit dat, die Samaritane, hulle het ontstaan uit 'n—'n vermengde klas mense.

128 Daar is net drie rasse mense op aarde, dis: Gam, Sem, en Jafet se mense. As ons die Bybel glo, het hulle almal begin van Noag se kinders af, en dis wat ontspring het uit die wêreld.

129 En nou vind ons daardie uit: die Jood, en die Heiden, en die Samaritaan. Petrus, met die sleutels wat vir hom gegee is by Pinkster, hy het dit oopgemaak by Pinkster, vir die Jode, hy het dit oopgemaak onder aan die Samaritane, en dit oopgemaak vir die Heidene. Toe het al die ras, rasse, die Evangelie gehoor. Jy hoor nie weer dat hy die sleutels gebruik nie, want die Evangelie is vir almal van hulle oopgemaak. Let nou op.

130 Hierdie Samaritane was half-Jood en -Heiden. Hulle het in dieselfde God geglo waarin die Jood geglo het, en hulle het gesoek na 'n komende Messias.

131 Nou, die Messias sal net aan hulle verskyn wat soek na Hom. Sien? Nou ons Heidene het nie gesoek na enige Messias nie, en ons het nooit enige gesien nie. Hierdie is ons dag.

132 So die—die Samaritane het gesoek na 'n Messias. En as die Messias op aarde was, is dit verplig, aan die Samaritaanse mense, om Homself te identifiseer soos Hy het aan die Jode.

133 Nou enige van ons weet dat Messias Homself geïdentifiseer het, deur die profeet te wees, wat Moses gesê het, God sou oprig. Hoeveel glo dit, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik.

134 Hy was die Profeet. Hy het geïdentifiseer. Nou, dit was Jesus gister. En as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, sal dit Jesus vandag wees, dieselfde ding.

135 Nou vind ons Hom wat opgaan na hierdie stad van Sigar, en—en dit was rondom middag. En die dissipels het weggegaan na die stad, om kos te koop. Lewensmiddele, word dit in die Skrif genoem. En terwyl hulle weg was, het Jesus gewag.

136 As julle al ooit daar was, dis soort van 'n panorama soos hierdie; 'n put, of die stadsput, publiek, buite die stad. Dit staan steeds vandag. En die mense kom uit en kry hulle water, en gaan terug na die stad. En hulle dra dit op hulle koppe, kruike. En die vroue kan omtrent 'n vyf-gelling kruik op hulle koppe dra, en een op elke heup sit en kan aanstap, en praat met vroue soos net vroue kan doen, en—en nooit 'n druppel water mors nie. Ek—ek sien nie hoe hulle dit kan doen nie, maar hulle—hulle doen dit, so 'n volmaakte balans, wat praat en praat soos dames maak terwyl hulle aanstap, met hierdie kruike op, omtrent vyftien gellings water, wat so aanstap, aan die gesels. En hierdie vroue, want . . . Hulle doen steeds dieselfde ding soos hulle toe het, en hierdie vroue kom uit na die put toe om hulle water te kry.

137 Nou daar was, omtrent rondom elf- of twaalfuur, was daar 'n ontugtige vrou, soort van, julle weet wat ek bedoel, 'n—'n rooi-lig vrou wat uitgekom het na die put om bietjie water te kry, en sy het begin om die—die waterpot te laat sak. Hulle het 'n—'n slinger, en twee hake wat oor hierdie kruik, of emmer gaan, en hulle laat sak dit in die put af, en dit draai sywaarts wanneer dit die water tref, en hulle draai hierdie water weer op. En sy het net gereedgemaak om die—die kruik te laat sak, toe sy iemand hoor, sê het: "Bring vir My water om te drink." En sy het gekyk, en sy het 'n—'n Jood oorkant teen die muur sien sit, waar die rankplant oor die muur hang, en Hy het daar oorkant gesit. Hy—Hy moes soort van 'n middeljarige Man gewees het, of middeljarig gelyk het.

138 Ek dink Hy het 'n bietjie ouer gelyk as wat Hy eintlik was. Want, ons vind uit in Johannes 6, dat die bespreking gekom het oor water te drink by die . . . in die woestyn, ensovoorts, en—en hoe hulle die brood geniet het, wat die manna verteenwoordig het. En Jesus het gesê: "Ek is daardie Rots wat in die woestyn was."

139 En hulle het gesê: "U is 'n Man nie ouer as vyftig nie," sien, en Hy was net dertig. "U is 'n Man nie ouer as vyftig nie." Sy groot spanning moes Sy menslike deel afgebreek het, en Hy het dalk 'n bietjie grys geword, of iets. Gesê: "U is 'n Man nie ouer as vyftig nie, en sê dat U 'Abraham gesien het'? Nou weet ons U is mal, of kranksinnig."

140 En Hy het gesê: "Voordat Abraham was IS EK." Hulle het net na die man gekyk. Dit was wat daarbinne was wat uitgepraat het. En "EK IS" was in die woestyn by Moses, in die brandende bos.

141 En daar vind ons dat Hy 'n bietjie oud gelyk het. En, Hy, sy het hierdie middeljarige Jood daar sien sit, miskien 'n man wat verby die ouderdom was om te flankeer met so 'n vrou, en sy het gesê: "Dis nie gebruiklik, vir U wat 'n Jood is, om vir my, 'n vrou van Samaria, te vra vir 'n guns nie. Ons het niks met mekaar te doen nie." Met ander woorde: "Ons het 'n skeiding hier, en ons nie . . . ons het niks met mekaar te doen nie."

142 Vinnig het Hy haar laat weet. Nou het Hy gesê, met haar gepraat. En sy het gesê: "Nou julle Jode sê julle aanbid in Jerusalem, en, of ons aanbid in hierdie berg," ensovoorts, en van hoe diep die put was, en Hy het niks gehad om mee te skep nie.

143 En, die gesprek het voortgegaan, nou moet julle my woord hier neem hiervoor, wat Hy gedoen het, sien.

144 Die Vader, in Johannes 5:19, het Jesus gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, behalwe wat Hy die Vader sien doen." Nou volgens Sy Eie Woord. En Hy kan nie lieg, en God wees nie. Volgens Sy Eie Woord, het Hy nooit een wonderwerk gedoen voor God Hom gewys het in 'n visioen, wat om te doen nie. "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie; behalwe wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so. Sien, die Vader werk, en Ek werk tot nou toe."

145 Nou die Vader het vir Hom gesê om 'n bietjie na Samaria toe te gaan, en daar het Hy daar gesit, en toe het hierdie vrou uitgekom. Nou moes Hy haar gees kontak, so Hy moes 'n gesprek met haar aanknoop. Sien? En Hy het gesê, na Hy gevind het wat haar probleem was, ons weet almal wat dit was, het Hy gesê: "Gaan haal jou man en kom hiernatoe."

146 En sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie." O, wat 'n duidelike bestraffing vir Hom. Sien? "Ek het. . . " Tog, het sy nie geweet nie. Hy was net 'n gewone man. Hy was nie aangetrek soos enige priester of rabbi nie. Hy was net 'n man. Sien?

En gesê: "Gaan haal jou man en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek, ek het nie 'n man nie."

147 Hy het gesê: "Jy het die waarheid gepraat. Want jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie joune nie; daaroor het jy die waarheid gepraat."

148 Nou wil ek hê julle moet die verskil sien tussen daardie vrou en daardie geleerde priesters wat Hom "Beëlsebub" genoem het. Sodra sy dit gesien het, het sy gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ons Samaritane, ons ken die Skrifte. Ons weet dat wanneer die Messias kom, wat 'die Christus' genoem word, Hy dit sal doen. Hy sal vir ons hierdie dinge vertel. Sien, dis die teken van die Messias. So U moet Sy profeet wees, want Hy gaan 'n profeet wees wanneer Hy kom. Ons het vir honderde jare nie een gehad nie. Maar wanneer Hy kom, weet ons daardie Messias gaan dit doen."

Jesus het gesê: "Ek is Hy, wat met jou praat."

149 As dit gister die teken van die Messias was, is dit die teken van die Messias vandag, want Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Dit was nie 'n teken vir die teoloë nie. Dit was 'n teken vir die gelowiges.

150 Daardie vrou het meer van die Skrif geweet as wat daardie priesters het. Ek sal een ding sê, sy het meer geweet van Hom as ’n klomp predikers vandag. Dis reg. Ja, meneer. Ja, sy het Hom geken. Hoekom? Ek glo dat die saad van Ewige Lewe in die vrou gelê het. En toe daardie Lig Daarop geflits het, het Sy Dit vinnig herken.

151 Nou kyk na daardie priesters wat van beter behoort te geweet het. Hulle het gesê: “Hierdie man is Beëlsebub. Hy doen hierdie, Hy is . . . ”

152 En Jesus het vir hulle gesê: “Om die Gees van God ‘’n onrein gees te noem,’ sou nooit vergewe word nie.” Dit was die Gees van God wat dit gedoen het. “Die werke van God: ‘’n onrein gees.’” En daardie priesters, in plaas van om die Skrifte te ondersoek! Hy het gesê: “As julle My dag sou geken het.”

153 As ons net geweet het watter dag ons in gelewe het, sou daar nie soveel verwarring gewees het oor hierdie Boodskap en oor die Skrifte wat ons vir die mense probeer bring, as die mense net verstaan het dat ons aan die endtyd is nie.

154 Nou, maar, toe daardie Lig daardie vroutjie getref het, in daardie toestand, ’n slegte naam, ’n—’n—’n rooi-lig vrou; en as daardie Skrif, as daardie Woord, daardie geïdentifiseerde Woord . . . Sy het die Skrif gelees en sy het geweet wat die Woord gesê het. En toe sy daardie Woord gemanifesteer sien word het, het sy Dit vinnig herken as die Messias.

155 As sy dit kon doen onder daardie toestande, wat behoort ons te doen vanaand as ons Hom dieselfde ding kon sien doen, ’n wedergebore Kerk, gevul met die Heilige Gees, wat soek na Sy Koms? Dit behoort elke rolstoel leeg te maak hierdeur. Goeiste, elke sondaar behoort om die altaar neer te val. Dit bewys dat Hy lewe.

156 Let op, sy het vinnig in die stad ingehardloop, en vir die manne gesê: “Kom, sien ’n Man wat vir my die dinge wat ek gedoen het, vertel het.” Nou miskien was haar gesprek soos hierdie: “Manne en broeders, laat ek vrylik met julle praat. Is hierdie nie die einste Messias nie?” Sy het gesê: “Kom, sien ’n Man Wat vir my die dinge wat ek gedoen het, vertel het. Is dit nie die Messias nie?”

157 En Jesus het in die stad ingekom. En die Bybel sê die manne van daardie stad het in Hom geglo as gevolg van die getuienis van die vrou. Hy het Dit nie nog een keer gedoen nie. Hy het nie nog een ding Daaroor gesê nie. Dit het dit afgehandel. Hy was die bevestigde Woord van God. Hy was. Hy is God, die Messias. Nou, aan ’n nasie mense soos daardie! Sien?

158 Nou ek weet net nie hoeveel tyd ons nog het nie. Ons sal stop miskien net . . . Wel, wag net ’n oomblik. Jesus het gesê, in Lukas, Hy het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens.” Onthou julle

dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou kom ons stop net vir nog een Skrif, net om hierdie te ondersoek.

159 Nou, kyk, Hy het Homself geïdentifiseer. Nou, ons het nog baie plekke. Ons kan blinde Bartiméüs neem, en regdeur, en die vrou wys wat Sy kleed aangeraak het, alle dinge deur die Skrif, en by die put waar Hy daar ingegaan het, en die man daar geken het by die Skone poort, sy probleem was vir soveel jare, ensovoorts, en Jesus het geweet. En toe aangegaan, ensovoorts, deur die Skrif, heelpad van Génesis af gaan. Maar, net om julle te laat weet, sodat ons kan opskud.

160 Nou, Jesus het Homself geïdentifiseer, 'n Skriftuurlike identifikasie aan die Jode, dat Hy die Messias was, deur 'n profeet te wees. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dit was Jesus gister, aan die profeet, of aan die Jode.

161 Dan, het die Heidene nie gesoek na Hom nie. Ons was heidene, met 'n knuppel op ons rug. En ons het afgode aanbid, ons Heidene. Ons het na geen Messias gesoek nie, so Hy het nie na ons toe gekom nie. Die Evangelie was nie gepreek vir die—vir die—die Heidene tot Petrus die Evangelie vir hulle oopgemaak het by Cornélius se huis, lank daarna nie. En toe het Paulus later gesê: "Kyk, ek draai na die Heidene," nadat die Jode hom geweier het.

162 Let nou op. Moet dit nie mis nie. Hierdie sal julle nou help as julle net sal luister. Hoekom het Hy nie hierdie teken voor die Heidene gedoen nie? Hy het dit gedoen voor die—die Jode, Hy het dit gedoen voor die Samaritane, maar nie een keer het Hy dit gedoen voor die Heiden nie. Maar Hy het voorspel dat dit voor die Heidene gedoen sou word. Want, wat God is, kan Hy nie verander nie. As Hy daardie teken gegee het om Homself te identifiseer onder die Hebreërs en onder die Samaritane, net voor hulle afgesny is van die Evangelie, en ons tweeduisend jaar van onderrigting oor die Bybel gehad het, en nou het die Heidene aan hulle einde gekom. Dis die einde vir ons. En dan as Hy ons net laat deurgaan met gewone lering van Presbiteriaanse, Baptiste, Metodiste, of sovoorts, sonder om Homself deeglik onder ons te identifiseer soos Hy toe het, het Hy iets verkeerd gedoen. So Hy is geen aannemer van die persoon nie, en Hy het gesê Hy sou dit doen.

163 Nou kyk: "Soos dit was in die dae van Sodom," dis toe die Heidene gebrand het, verbrand is. Nou, Noag, Hy het Noag genoem, dit was die sedes van die mense, hulle het ingegaan. Maar let op na die Heidene, net voor die vuur geval het om die Heidene te vernietig, die Sodomiete en Gomorra, en die stede rondom dit.

164 Let Abraham op, 'n tipe van die Kerk, vry, die geestelike Kerk. Lot, die tipe van die louwarm kerk, in Babilon . . . of nie in

Babilon nie; in Babilon van vandag, maar in Sodom van daardie tyd. En dan die Sodomiete, die ongelowiges.

165 Daar is altyd drie klasse mense. Ons—ons het hulle hier, ons het hulle oral. Dis gelowiges, skyngelowiges, en ongelowiges. En ons het hulle oral, en die drie klasse mense.

166 God word vervolmaak in drieë. Soos Vader, Seun, Heilige Gees, maak een God. En regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees, maak een geboorte. Water, Bloed, en Gees, maak een Geboorte. Ensovoorts, sien, dis al, dis volmaak. Ons het nie tyd om deur die—die getalle van God te gaan, in Sy, waarin Hy vervolmaak word nie; en wat Sy Koms in sal wees, ensovoorts, en watter getal, maar ons is daarin.

167 Let nou op soos ons bestudeer, vind ons uit Wie, hierdie Messias. Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, en soos die dae van Lot." Nou Abraham het gewag vir 'n beloofde seun. Ons ook. Die uitgeroepte kerk, wat die wedergebore mense verteenwoordig wat hulleself afgesonder het van die wêreld. Hulle is nie in Sodom nie. Hulle is uitgeroep, eenkant gesit, wat 'n belofte van 'n komende Seun vashou.

168 En, nou, eendag toe Abraham in die onvrugbare land gesit het.

169 En Lot wat gelewe het met sy groot . . . hy moes die burgemeester van die stad gewees het, 'n regter. Hy het 'n groot man geword. Mev. Lot het haar hare gesny en alles gedoen wat sy wou, reken ek, daaronder saam met die res van die Sodomiete. Maar nie Sara nie; ek moes dit net insit, broers. Let op, sy het gelewe op die manier wat sy wou. Sy was 'n baie gewilde vrou. Sy het gehaat om dit op te gee.

170 Maar nie Sara nie. Sy was daarbo by haar man. Sy is uitgeroep, verseël, deur 'n belofte dat sy 'n besoek sou ontvang van God, 'n seun sou kom.

171 En so het die Sara-tipe Kerk vandag, uitgeroeptes, uit Sodom uit, met 'n wagtende belofte van 'n komende Seun. Amen. Laat die wêreld enigiets doen wat hulle wil; dit het niks met haar te doen nie. Sy hou haar gedagte op die belofte.

172 Wat het gebeur? Abraham het sy oë opgehef en gekyk, en hy het drie mans sien aankom. En het julle opgelet? Abraham, toe hy die drie mans gesien het, het hy gesê: "My Heer, sal U hier vertoef?" Daar was drie van hulle. Hy het gesê: "My Heer," enkelvoud.

Toe Lot twee van hulle gesien het, het hy gesê: "My here."

173 Abraham het geweet waarvan hy praat. Hy het gesê: "My Heer." Drie van hulle, en: "My Heer."

Lot het twee van hulle gesien, hy het gesê: "My here."

174 So hy het gesê: "My Heer, vertoef." En hulle het gestop. Julle ken die gesprek.

175 Let nou op, Lot was onder in Sodom. En twee Engele het afgegaan na Sodom, om die Evangelie te verkondig, om die regverdiges onder die ongelowiges uit te roep. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] 'n Moderne Billy Graham. Hulle het nie baie wonderwerke gedoen nie; hulle verblind, wat, om die Woord te preek, verblind die ongelowige. Maar 'n perfekte, moderne Billy Graham.

176 En het julle al ooit opgelet? Van al ons groot manne wat ons in die wêreld gehad het, van predikers, vanaf die dae van die Jesus Christus; Sankey, Moody, Finney, Calvyn, Knox, sovoorts, aan en aan, en aan en aan, ons het nog nooit 'n man daarin gehad wie se naam geëindig het met h-a-m, soos Abraham nie, behalwe G-r-a-h-a-m. Maar let op, ses letters, G-r-a-h-a-m, ses. A-b-r-a-h-a-m is sewe. Ons het dit nog nooit gehad nie, maar daar is 'n boodskapper onder in Sodom: "Kom daar uit." En God het die regte man gestuur, Billy Graham, wat hulle uit Sodom uitgeroep het. En hulle het die teken van die verkondiging van die Evangelie gekry. En hulle kry Dit vandag, regoor die wêreld, deur die bekende, kosbare broer, Billy Graham, met 'n boodskap van verlossing, en: "Kom uit Sodom uit!" Dis reg. Met sy naam wat eindig, *h-a-m*, beteken "vader van die volke, of nasies."

177 Maar daar was ook 'n Boodskapper, wat by Abraham gebly het, A-b-r-a-h-a-m. En let op, soos Hy gesê het, Hy het vir hulle 'n teken gegee.

178 Nou onthou, sy naam was Abram, 'n paar dae vantevore; Sarai, nie Sara nie. Sy naam was Abram, nie Abraham nie. Let op, die Man wat met hom sit en praat het, het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

179 Nou die vroue in daardie dae is nie soos hulle vandag is nie, moet uithardloop en in die man se sake betrokke raak, en die besigheid bestuur en elke. . . Sien, hulle het agter gebly waar hulle hoort. Maar, hulle, sy het in die tent gebly.

En Hy het gesê: "Waar is Sara, jou vrou?"

180 Nou kyk wat die Bybel gesê het. Abraham het gesê: "Sy is in die tent, agter U." Die Engel het Sy rug gedraai gehad na die tent.

181 En die Engel was 'n Man, want Hy het die vleis van 'n kalf geëet, die melk van 'n koei gedrink, en 'n bietjie mieliebrood en botter geëet. Dis reg. Hy het. Hy het geëet en drink saam met Abraham, terwyl hy 'n vliegbos gevat het en die vlieë van Hom af weggewaai het, terwyl Hy daar gestaan en drink het. Dis reg, 'n Man!

182 En Hy het gesê: "Abraham, Ek. . . " En dis weer 'n persoonlike voornaamwoord. "Ek gaan jou besoek volgens die belofte." Wie was Dit?

183 En Sara, wat geluister het, afgeluister het, julle weet, sy het in haar mou gelag, soort van, saggies. [Broer Branham boots na—Red.] "Ek, 'n ou vrou, 'n honderd jaar oud, familieverhouding wat baie jare gelede opgehou het; ek weer plesier met my heer hê, siende dat hy oud is?"

184 En die Engel, met Sy rug gedraai op die tent, het gesê: "Hoekom het Sara gelag?" Amen!

185 Let op, toe die Engel verdwyn het en weggegaan het, het Abraham Hom: "Elohim" genoem. Enige geleerde weet dat wanneer jy hoofletter H-e-r-e sien, word dit in die Grieks vertaal, *Elohim*, "die Algenoegsame, die Almagtige," Wat Jehova God is. Glorie!

186 'n Man het vir my gesê: "Wil jy vir my sê, jy glo dat dit God was?"

187 Ek het gesê: "Abraham het met Hom gepraat, en Hom 'God' genoem. Hy behoort te weet." O, ek is so bly ek ken so 'n God!

188 Wat het Hy gedoen? Wat ek dink Hy gedoen het was. . . Julle weet, ons is gemaak van sestien verskillende elemente van die aarde, julle weet: petroleum, en kosmiese lig, en kalium, en kalsium. Ek glo Hy het net gesê: "Ek het gehoor van hulle sondes. Ek sal kom, afgaan en daarna kyk. Kom hier, Gabriël," 'n handvol kosmiese lig bymekaar gemaak, en, Phfff! "Stap daarin. En kom hier, Alsem," en, Phfff! "Stap daarin." Toe het Hy vir Homself een gekry. Hoekom? Hy is God.

189 Ek is so bly om te weet. Dat, ek dalk eendag sal terug wees na niks behalwe kosmiese lig nie. Ek mag niks daarin wees wat jy kan vind nie. Hierdie bene mag wegvrot, maar Hy ken my naam. Eendag sal Hy my roep; ek sal uitkom na Sy gelykenis.

Dis ons God. Abraham het Hom "Elohim" genoem.

190 Let op, Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." Die boodskappers sal in Sodom wees; en die uitgeroepte Kerk sal 'n teken ontvang, waarvan? God gemanifesteer in menslike vlees. Glorie! Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Dis 'n teken aan die Heidense Kerk. Nou is dit ons tyd. Dis ons wat dit moet sien, God se belofte. Ons kan hier staan vir 'n uur, heen-en-weer, deur die Skrif, en dit aan mekaar weef en bewys dat dit reg is. En hierdie is die uur. Hier is die laaste teken wat gewys moet word. Ons is aan die endtyd.

191 Die Boek van Openbaring, in die Kerkeeue, die Laodicése Kerkeeu, was die sewende engel veronderstel . . . In die uitbasuin van die dae daarvan: "dat die verborgenheid van God voltooi sou wees." En ons is in die Laodicése Tydperk; lui, sag, nikswerd, louwarm, en dis die toestand waarin ons Pinksterkerk beland het. God het elke gawe wat Hy kon, voor dit geskud.

192 Dit herinner my, soos 'n dametjie in Louisville, hier nie lank gelede nie. Sy het 'n seuntjie gehad, rondgeloop, speelgoedjies probeer skud, en die kindjie het net gesit en staar. En die mense het haar dopgehou. En sy het begin skree. Sy het opgegaan, party van die vroue, en haar gevra wat verkeerd was. Gesê: "My seuntjie het 'n toestand ontwikkel." En gesê: "Hy wil nie goed oplet soos wat kinders van sy ouderdom behoort op te let nie." En gesê: "Ek het hom na die dokter toe gevat, en die dokter het gesê hy was beter, maar," gesê: "hy is nie." Gesê: "Ek skud hierdie speeldingetjie, enige klein kindjie . . . En hy sit en staar net. Enige kind behoort dit te herken as 'n speelding, en te gryp daarna, maar hy staar net."

193 Dis omtrent soos die Pinksterkerk. God het 'n Oral Roberts, en al die res, soontoe gestuur, wat allerhande gawes en dinge, voor die kerk skud. Hy het Sy Gees uitgestort. Julle het in tale gepraat, uitgelê, het gawes van profesie gehad, en al die res.

194 En die tyd het aangebreek vir Jesus Christus om Homself te identifiseer onder die mense, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, wat die laaste teken sal wees wat voor die mense geskud word. Onthou, 'n klein tydjie na daardie manifestasie van God in menslike vorm, in 'n vlees, het vuur geval en die Heidene verteer. "En soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

195 Hy het Homself geïdentifiseer as die Messias, aan die Jode, deur die gedagtes te onderskei wat in hulle hart was, deur vir hulle hulle name te sê en verskillende dinge. Hulle het geweet dit was die profeet wat die Here God belowe het om op te rig. Daardie regte, waaragtiges wat voorbestem was daarvoor, het dit gesien.

196 As daar niks in die hart is om dit te ontvang nie, dan is daar niks daar nie. Hoe kan jy bloed uit 'n raap kry? Daar is geen bloed daarin nie. So hoe kan 'n man glo wanneer daar niks daarbinne is om mee te glo nie?

197 Maar as die Heilige Gees daarin is, snap dit die Woord vinnig. Dit vlieg weg, sien, dit snap Dit vinnig. Nou: "Menere, ons wil Jesus sien." Hy het hier belowe om Homself hier onder ons te identifiseer, op dieselfde manier wat Hy het.

Nou sê julle: "Maar hoe kan Hy Homself identifiseer?"

198 "Nog 'n klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie. Tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle." Dis die Heilige Gees wat praat deur tale en uitleg gee, dieselfde Een wat jou red van sonde. Dis dieselfde Jesus Christus, wat gekom het.

199 ['n Suster praat in 'n ander taal. Iemand anders begin praat in 'n ander taal, dan 'n leë kol op die band—Red.] Drie. [Nog 'n leë kol op band.] Prys die Here. Het julle dit opgelet? Bly sê: "Kom uit, kom uit, kom uit," sien, roep uit. Goed, julle hoor wat dit is.

200 Nou die Bybel praat, as daar party vreemdelinge hier is, die Bybel praat van praat in tale en uitleg, julle sien. So as dit in tale gepraat word en uitgelê word, dan is dit profesie. Sien, dis reg, nie waar nie? Dis profesie.

201 Nou kom uit. Nou sê die Here blykbaar dat Hy julle nou 'n kans gaan gee, sien, iets wat julle nog nooit vantevore gesien het nie, iets wat Hy gaan doen. Nou kom ons glo dit met ons hele hart.

202 Nou ons net, ek en Billy, toe ons Indië toe gegaan het hierdie laaste reis, ons . . . Ek het 'n stukkie uit die koerant gekry. En dit het gesê: "Die—die aardbewing moet verby wees." 'n Paar dae voor ons daar gekom het, het hulle geweet . . . Sien, Indië het nie heinings soos julle hier het, draadheinings nie. Hulle tel klippe op, en hulle maak baie van hulle geboue. Hulle is baie arm mense. En—en die voëltjies bou hulle neste in hierdie klippe, en dan kom die beeste en skape in, in die aand, en staan rondom hierdie mure, wanneer die son skyn, om koel te bly.

203 Maar hulle het opgelet, vir 'n paar dae, het die beeste nie ingekom nie, hulle het net buite in die veld gebly. Die skape het bymekaar gekom en saamgedrom om mekaar, en teen mekaar geleun, in die veld, om koel te bly. Die voëls het almal uit die mure uit gevlieg. Hulle het nie geweet wat gaan gebeur nie. Toe het 'n aardbewing getref, en dit het die mure platgeskud. Toe het die voëltjies teruggekom en weer hulle neste gebou in die klipstapels, en die beeste het weer ingekom.

204 Nou, kyk, as dit nie dieselfde God is wat hulle kon waarsku om in die ark in te gaan, in die dae van Noag nie! En as God dit kon doen, en voëls waarsku, deur instink; en beeste en skape waarsku, deur instink, om weg te kom van daardie ou groot mure af, wat gaan val. God probeer Sy mense vandag waarsku, om weg te kom van hierdie ou geestelike mure wat gaan verkrummel, een van hierdie dae, want die Koms van die Here is op hande.

Kom ons buig ons hoofde.

205 Here Jesus, ek voel dat dit nou tyd is vir my om te stop. En dis U tyd om te spreek, Vader. Ek het probeer om vir die mense te vertel dat U dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Ek het dit probeer bewys deur die Skrifte, wat U was, en hoe U Uself identifiseer het.

206 Dan onthou ek weer, in Johannes die 14de hoofstuk en die 12de vers, het U gesê: "Hy wat glo," nie skynglo nie: "hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Hoe kan dit enigiets anders doen, Vader? As ons die lewe uit 'n peerboom kon oordra na 'n perskeboom, sou dit pere dra, want die lewe van 'n peerboom is in die perske. En, Hemelse Vader, as die Lewe wat in Christus was, die gesindheid wat in Hom was, die Gees wat in Hom was, belowe het om in ons te wees, dan getuig ons daarvan. As Hy die Wynstok is en ons is die lote, die Lewe kom van die

Wynstok af. Here, laat ons lote wees, vanaand. Ons besef dat die wynstok nie enige vrugte dra nie; dit het weggegaan, maar dit het teruggekom in die vorm van die Lewe, en die lote dra vrugte. U Stem is wanneer U deur ons spreek. "As jy vir hierdie berg sê om opgehef te word, en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, kan jy kry wat jy gesê het. Wanneer jy bid, glo dat jy ontvang wat jy gevra het, dit sal vir jou gegee word." O God, sulke beloftes! "As julle in My bly, en My Woord bly in julle, vra dan wat julle wil."

207 O God, sulke beloftes wat die kerk het, en so 'n volmaakte verlossing! Ons besef dat ons nie waardig is nie, en ons sal nooit waardig wees nie. Daar is geen manier vir ons om waardig te wees nie. En ons ag nie ons waardigheid nie. Ons kyk na ons Offer, die Here Jesus. Hy is in Wie ons verberg is, vanaand. Ons is geheilig in Sy geseënde belofte, in Sy Woord. Dit is ons . . .

208 Dis geloof se skuilplek, op die onbeweeglike Rots van God se Ewige Woord. Geloof neem sy—sy plek net daar, sy posisie, niks kan dit beweeg nie. Die dood kan dit nie wegskud nie. Die graf kan dit nie verberg nie. Dit is bewys. Op die derde dag het Hy opgestaan, want die Woord van God het gesê: "Ek sal Sy siel nie aan die doderyk oorgee nie, en Ek sal nie toelaat dat My Gunsgenoot verderwing sien nie." Daar is geen graf wat Hom kon vashou nie.

209 O God, dis U Woord. Manifesteer dit vanaand. U is die Woord. En laat die Woorde wat U belowe het, vanaand gespreek word, Here, en mag die teken dat die Messias op aarde is, en ons is aan die endtyd. Soos die wyse manne die drie sterre sien oplyn het, om een te word; en soos ons sien, vandag, Here, dat die drie eienskappe van God uiteindelik in die kanaal ingekom het, weet ons hulle is een. En ons sien al hierdie groot tekens wat verskyn op die aarde; en die identifikasie van die Seun van God, wat werk in die vlees van Sy Kerk, om Sy werk voort te sit. God, mag menslike harte bewe. Mag sondaars skud. En mag daar 'n bekering wees, en mag daar so 'n genesing wees, vanaand, beide van siel en liggaam, dat mans en vroue, oral, sal uitkom uit ongeloof, hulleself sal afsonder en glo in die lewende God.

210 Ek vertrou myself toe aan U, Here, as U dienskneg. Ek vertrou hierdie kerk toe aan U. Ek besef, Here, maak nie saak hoeveel U my sou salf nie, as die mense dit nie glo nie, dan kan dit nie gedoen word nie. Ons moet albei saamwerk as 'n eenheid van geloof in God, en tot die eer van die Woord van Jesus Christus, om hierdie goed te sien gebeur.

211 Daar word vir ons die vraag gevra: "Menere, ons wil Jesus sien." En, Vader, U het dit belowe, dat U met ons sou wees. Nou sal ons soek na U om onder ons te verskyn, Here. In die Naam van Jesus Christus vra ek hierdie dinge. Amen.

212 Nou, ek glo . . . en as die gebedskaarte uitgegee was. Een tot 'n honderd? Goed, laat ons, ons kan hulle nie almal op een slag laat staan nie, ons sal hulle net een vir een moet kry. Nou wanneer . . . Ons sal julle roep, een vir een, en dan as jy kreupel is, verlam, nie kan opstaan nie, sal party van die broers kom, jou na die platvorm toe bring, om voor gebid te word.

213 [Leë kol op band—Red.] . . . staan. As jy nie kan nie, laat my weet. Nommer twee, gebedskaart nommer twee, sal jy opstaan. Dankie.

214 Nommer drie, wie het gebedskaart nommer drie? Sal jy opstaan? Sommer gou nou, ons moet opskud. Is hierdie dame, het sy nommer drie, gebedskaart? Goed. Goed, gaan af na die einde daar, nommer drie. Billy, jy of iemand kom hiernatoe.

215 Nommer vier, nommer vier, gebedskaart nommer vier, wie het dit? Ver agter aan die agterkant. Goed, kom hier, dame. Nommer vyf. Julle sal almal, een vir een geroep word. Nommer vyf.

216 Watter kaart het jy, meneer? [Die broer sê: "Nommer drie, B."—Red.] Nommer wat? ["Drie."] Nommer drie? Iemand het 'n fout gemaak. Hierdie—hierdie man hier het nommer drie kaartjie. Goed.

217 Nommer vier, wie het nommer vier, gebedkaart nommer vier? Goed, nommer vyf, wie het gebedskaart nommer vyf? Nommer ses, wie het dit, nommer ses? Dankie. Kom. Nommer sewe. Neem nou net julle plekke in. Nommer sewe. Nommer agt, agt.

218 Nege, nege, het ek dit gesien? Nege, iemand maak nou gou sodat ons nie baie tyd met hulle neem nie. Nommer nege, gebedskaart nommer nege, asseblief. Iemand help my kyk. Sal julle broers opstaan en my help kyk. Nommer nege, is dit nie hier nie? Goed, as dit inkom, kan dit sy plek inneem, mag uitgegaan het, ek het lank gepreek.

219 Nommer tien, gebedskaart tien, steek jou hand op sodat ons kan sien wie jy is. Goed, kom. Elf, gebedskaart elf. Het jy dit nie gehad nie, dame? Steek jou hande op wanneer ek vir jou sê, en dan jy, wanneer jou nommer geroep word, dan sal jy—jy weet.

220 Nommer twaalf, nommer twaalf, wie het dit? Nommer twaalf. Kom, dame. Nommer dertien, gebedskaart dertien. Ver agter aan die agterkant. Kom, dame, as jy kan opstaan. Nommer dertien. Nommer veertien, nommer veertien, waar is dit? Gebedskaart veertien, ver agter aan die agterkant. Goed, kom net vorentoe, dame. Nommer vyftien, hierdie man net hier, nommer vyftien. Sestien, sestien, sestien, gebedskaart nommer ses- . . . Oorkant in die hoek. Sewentien.

221 Sien, dit is nie 'n arena nie, ons nie . . . Ons—ons roep hulle, een vir een; jy hou nie 'n groot resies soontoe en spring in nie, julle weet. Ons wil orde hê, sien, eerbied.

222 Nommer sestien, gebedskaart nommer sestien. Nommer sestien, het hierdie dame sestien? [Iemand sê: "Veertien."—Red.] Veertien. Nommer sestien, sestien. Goed, dankie, meneer. Nommer sewentien. Alreeds onder, ja, sewentien. Agtien. Goed. Ja.

223 Wel, hulle het alreeds soveel as wat daarbo in die hoek kan staan vir nou. Ons sal begin, net binne 'n paar oomblikke, van daar af. Ja.

224 Hoeveel van julle, terwyl hulle daardie mense opgelyn kry, wat nie 'n gebedskaart het nie, kom ons sien julle hande, en julle is siek? Goed, terwyl ek vir julle die Skrif aanhaal. Nou julle het nie 'n gebedskaart nie, tog is julle siek, julle sal nie in die gebedsry geroep word nie? Goed.

225 Hoeveel in hierdie gebou wat my nie ken nie, en weet ek weet niks van jou af nie, steek op julle hande; wat siek is, julle weet. Sien? Om eerlik te wees met julle, ek ken nie een persoon wat ek ken nie. Nou, julle mag my ken, maar eerlik . . . Ek—ek bedoel dit nie met enige kwaad nie, ek het julle nie gesien, en ek—ek—ek nie, ek kan nie een persoon sien wat ek—ek ken nie, behalwe as dit hierdie soort van gesette kêreltjie is wat daar sit, klein . . . Kyk ek na die regte persoon? Ek vergeet wat jou naam is, jy's van Missouri. Ek—ek weet hy kom na die tabernakel toe nou en dan.

226 Nou, en op die platvorm, nou, onthou, God is net soveel op die platvorm as wat Hy daarbuite is. Ek ken nie enigiemand hier nie, net om te sê dat ek hulle ken, buiten die broer net hier, en Broer Moore, om regtig 'n naam te ken of enigiemand te ken nie. Ek mag ken . . . Ek—ek dink hierdie is jou vader wat daaragter sit, ek's redelik seker dis reg. En Jim Maguire hier, die—die bandopnamekêrel wat hier sit. En dis al wat ek sien, en ken, en weet wie hulle is. Goed.

227 Luister, kom ons neem net 'n storietjie soos hierdie terwyl hulle gereedmaak, nog 'n storie wat ons kan neem van die Here Jesus. Hier, hoeveel weet dat die Bybel sê dat daar eenkeer 'n vrou was wat bloedvloeïng gehad het? En sy kon nie, sy was ook nie in die gebedsry geroep nie. Maar, en sy het nie 'n gebedskaart gehad nie, maar sy het geloof gehad, en dis wat God aanraak. En Jesus wat in die straat afgegaan het, het hierdie vroutjie ingeglip en die soom van Sy kleed aangeraak.

228 Hoeveel weet dat die Palestynse kleed los gehang het? Dit was 'n kleed. En dit het 'n onderrok ook gehad, sien, om stof van hulle bene af weg te hou. So hulle het—hulle het 'n onderrok gehad, die kleed het stof opgetel soos hulle geloop het. En daarom het hulle 'n onderrok gehad.

229 En hierdie vrou het die soom van Sy kleed aangeraak, met haar vinger. En Jesus het gestop, en Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?" Ek glo nie Hy het net 'n grap gemaak nie. Ek glo

nie Hy het dit gedoen nie. Ek glo Hy het regtig nie geweet wie dit gedoen het nie. Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?"

230 En in werklikheid, soveel mense met hulle arms om Hom: "Hallo, Rabbi! Is hierdie die Profeet van Galiléa? Wel, ons is bly om U hier te sien." Almal: "Hoe gaan dit met U?"

231 Petrus het gesê: "Here!" Hy het Hom bestraf, het die Bybel gesê. Met ander woorde, Petrus mag dit gesê het: "Tog, dit klink bietjie ongewoon, vir 'n Man van U kaliber om te sê 'wie raak aan' U. En ek reken, vandat ek met U begin praat het, het daar vyftig hande aan U geraak. En dan sê U: 'Wie het My aangeraak?' Wel, dit klink nie verstandig nie, Here. U behoort nie so-iets te sê nie." Die Bybel het gesê: "Petrus het Hom bestraf."

232 Maar Jesus het gesê: "Ek glo dat daar deug van My uitgegaan het." Dit was 'n ander soort aanraking, 'n aanraking van geloof. Deug is krag. "Ek het agtergekom dat My krag . . . Ek swak geword het. Iemand het My aangeraak met 'n—'n aanraking van geloof."

233 Nou Hy kon dit nie fisies gevoel het nie. Jy mag my jas aanraak, en daar is baie meer tussen die soom van Sy kleed en Sy liggaam, as wat daar van my jas is.

234 Net soos blinde Bartiméüs, wat 'n honderd treë van Hom af gestaan het, gesê het: "Jesus, U Seun van Dawid."

235 En al daardie mense wat geskree het: "Ons het gehoor U het die dooies opgewek. Ons het 'n begraafplaas vol van hulle hierbo. Kom hiernatoe en laat hulle opstaan, ons sal U glo." Sien, daardie kritici, sien, ensovoorts.

Maar Jesus het nie eers vir Bartiméüs gehoor nie, maar sy geloof het Hom gestop. Sien, sy geloof het dit gedoen.

236 Nou, hierdie vrou se geloof het Hom gestop, en Hy het oraloor die skare gekyk totdat Hy die vroutjie gevind het. En Hy het haar van haar toestand vertel, en gesê: "Jou geloof het jou gered." Is dit reg? Net 'n gewone, klein, verswakte vroutjie, en sy is genees.

237 Nou wat het sy gedoen? Sy het nooit eintlik vir Hom aangeraak nie. Sy het God aangeraak, deur Hom. Wel, dan is dit . . . Hoeveel weet . . . Hierdie predikers, wat, ek weet hulle weet. Maar die Boek van Hebreërs sê dat: "Jesus Christus nou die Hoëpriester is, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Is dit reg? [Die predikers sê: "Amen."—Red.]

238 Hoeveel weet dit in die gehoor? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, as Hy die Hoëpriester is, is Hy dieselfde Hoëpriester wat Hy altyd was. "Geen ander middelaar tussen God en die mens, behalwe die Man Christus Jesus nie." Dan as Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid is, en jy het Hom op dieselfde manier aangeraak wat sy het, en Hy kan aangeraak word, en as jy Hom op dieselfde manier sou aanraak wat Hy het, sou Hy nie op dieselfde manier reageer wat Hy toe gereageer

het, as Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid is nie? Is dit reg? ["Amen."] Sien? Al wat jy moet doen, is om Hom aan te raak.

239 Nou, nie een van ons broers aanraak, of vir my aanraak nie. Dis, dis net julle broers, julle sien. Maar raak Hom aan. Julle geloof Hom aanraak, dan sal Hy Sy instrument gebruik en Hy sal wees . . . Hy sal dieselfde doen vandag, as wat Hy ooit gedoen het. Hy is net dieselfde vandag, en altyd. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

240 So nou wil ek hê julle almal, julle onverdeelde aandag, elke persoon reg in julle plek bly vir die volgende paar minute, en bid.

241 Nou, dis 'n groot ding om hier op te kom en 'n Evangelie te preek wat mense, wat eers dranksmokkelaars en dobbelaars, en prostitute en al die res, buite op straat was, werklik te kan laat sit in Hemelse plekke in Christus Jesus, en die inspirasie van die Gees jou te voel oplig tot 'n plek tot jy jouself verloor, en "amen" en "halleluja" uitskree, lofprysinge tot God. Dis 'n wonderlike ding. Maar dan in daardie selfde gehoor, en die Evangelie wat gepreek word en sê wat Hy was, nou om Hom weer reguit terug te identifiseer as dieselfde Een.

242 Nou in hierdie gebedsry wat hier staan, dink ek nie . . . Ek sien nie een persoon in daardie ry wat ek ken nie. Daar is nie een persoon nie. As elkeen van julle wat in daardie gebedsry is, vreemdelinge vir my is, ek jou nie ken nie, jy weet dat ek niks van jou af weet nie, steek julle hand op. Elkeen van julle in die gebedsry, wat weet dat ek niks van jou af weet nie, steek jou hand op. Goed. Ek veronderstel, dit was die hele gebedsry. Nou, ek ken niemand van hulle nie. Nou die enigste manier wat . . .

243 En as enigiemand dink dat hierdie verkeerd is, kom jy hier op en neem my plek in. Sien? Tot jy dieselfde ding kan doen, moet dan nie enigiets hiervan sê nie. Jesus het gesê: "As Ek duiwels uitdryf met die vinger van God, deur wie dryf julle kinders hulle dan uit?" Met ander woorde: "Watter beter stelsel het hulle?" Sien?

244 Nou ons het 'n tyd gehad wat almal begin dink het aan die ou tradisie, van oplê van hande. En dis in die haak. Maar nou, my predikerbroers, stem julle saam met my, dit was 'n Joodse tradisie. Sien?

245 Jaïrus het gesê: "Kom lê U hande op my dogter, en sy sal lewe." Maar die Romein, die Heiden, het gesê: "Ek is nie waardig dat U onder my dak kom nie. Spreek net die woord." Is dit reg? Dis die gesproke woord; die Heidene, sien. Ons behoort dit uit te voer; as daardie Romein dit kon dink, 'n heiden wat Hom pas gesien het. Want, hy het geweet dat, Jesus Christus se Woorde. Hy het gesê: "Ek is 'n man onder gesag. Ek sê vir *hierdie* man: 'gaan,' en hy gaan, en *hierdie* een kom. Hy moet, want hy is onder

my." Wat het hy identifiseer? Dat elke siekte en elke kwaal onder die beheer van Jesus Christus is. Ja, meneer. Hy het gesag.

246 En as ons Hom kan hoor spreek, dan identifiseer dit Hom om by ons te wees. Hoeveel groter sou dit vir julle Heidene wees, vanaand, om te weet, en te weet dat Hy onder ons is, en kan opreik en besef. Nie sê: "Broer Branham het hande op my gelê; Broer Roberts, of my . . . iemand anders," nie. Maar deur geloof in die Seun van God, sê: "Ek aanvaar U, Here Jesus. U is hier. Genees U my."

247 Nou, as Hy Homself sal identifiseer en bewys deur die Evangelie dat Hy net soveel hier is nou as wat Hy toe was. Ek het aan julle bewys, dis Sy identifikasie merk, (is dit reg?) wat belowe dat hierdie dinge in die laaste dae sou gebeur. En ons het gesien dat die kerk reguit daar ingaan deur Luther, Wesley, Pinkster, en reg af tot by die einde. Sien? En hier is ons, Loadicése Tydperk, die Sodomitiese Tydperk, en hier is ons. Die bediening het deur elke oogpunt van die Woord gekom. En ek glo, die hele verborgenheid van God, Dis alreeds gepreek. Nou is dit identifikasie van Christus onder Sy mense, God wat werk in menslike vlees.

248 Nou, maak nie saak hoeveel Hy myne sou salf nie, jy moet ook gesalf wees, om dit te glo. Sien, jy's die een wat die aanraking moet maak. Sien? En albei van ons, saam, maak 'n eenheid. Ek ken jou nie; jy ken my nie. Jy glo net, en ek glo, dan vat God ons albei se hande. Dis God.

249 Dan, kyk, die Bybel het gesê: "As julle almal in tale praat, en daar kom een onder julle, wat ongeleerd is, daar geen uitlêer is nie, dan sal hy sê: 'Julle is mal.' Maar laat een profeteer en die verborgenheid van die hart openbaar, dan sal hulle almal neerval en sê: 'God is met julle.'" Ek's dankbaar om daardie dag te sien arriveer, om lank genoeg te lewe om dit onder die uitgeroepte kerk te sien.

250 Julle onthou, dit gaan nie na Babilon toe nie. Dit het nie na Sodom toe gegaan nie. Dit het gegaan na die uitgeroeptes, die Uitverkorenes; dis die teken wat hulle sien. Hulle het hulle s'n daarbuite, hulle organisatoriese groepe en aanganery.

251 Maar hierdie is die Here Jesus Christus in die vorm van die Heilige Gees, wat onder Sy mense beweeg, wat dieselfde ding doen wat Hy het toe Hy hier op aarde was, wat Homself identifiseer met Sy Bruid, nie die kerk nie.

252 Daar is 'n verskil tussen die kerk en die Bruid. Preek nie doktrine nie, want ek kan dit nie doen nie; maar, volgens my nederige geloof, gaan die Bruid deur die . . . of, die—die kerk gaan deur die verdrukking, die sesde seël, om dit te reinig. Dis reg. Maar nie die Bruid nie; sy gaan in die Wegraping voor dit. Dis tyd vir die Bruid om uitgeroep te word, so ek glo dit is nou die uitroep-tyd.

253 Verskoon my, broers, ek moenie doktrine preek nie, hulle mag hê. . . ?. . . Mag verskil; as jy, net soos kersietert eet, gooi die pit weg en eet die tert. Julle sien, dis reg. Goed.

254 Maar ek glo dis waar ons 'n fout maak, waar sommige van ons glo, een, sê Dit gaan deur. En die ander sê, sekerlik, sal die kerk daardeur gaan; maar, sekerlik, is daar die kerk in Babilon, daarbuite in Sodom. Die Bruid is uitgeroep, sit hierbo en wag vir die komende Seun. Dis reg. Ja, meneer. Dis waar die teken gedoen word, nie onder tussen die—die denominasioneles nie; in die uitverkorenes.

255 Nou, voor God, Wie ek staan, en nie lieg nie, Hy as my Regter, sê ek plegtig dat daar nie een persoon in daardie ry is, wat ek kan onthou om ooit in my lewe te gesien het nie. Daar is nie 'n persoon, buiten diegene wat ek hier genoem het, waarvan ek een ding weet, of ooit gesien het nie; met die Bybel hier voor my.

256 Nou, as Jesus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, soos ek vir julle gesê het! En julle weet ek's nie 'n teoloog nie, ek's nie 'n prediker nie, soos wat ek julle pastore hier noem wat gesalf is om hierdie te preek. Dis hulle roeping. Hierdie is my roeping, nou gesalf met die Heilige Gees, om God te laat vloei deur Sy mense. Sien?

257 Sal julle dit nou glo? As Hy Homself onder Sy mense sal wys vanaand, wat Hy belowe het: "'n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie. Die ongelowiges sal My nie sien nie. Nee, hulle is daarbuite in Sodom. Maar julle sal My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle. Die werke wat Ek doen, sal julle ook. Meer as hierdie sal julle doen."

258 Ek weet die King James sê: "meer," maar julle moet die Emfatiese Diaglott vat en kyk of dit nie sê—nie sê. . . King James sê: "groter." Jy kan nie groter doen nie. Niks groter kan gedoen word nie. Hy het die siekes genees, die dooies opgewek, die natuur gestop, alles gedoen wat daar was. "Maar *meer* sal julle doen.

259 Want, Hy's net verteenwoordig in een persoon daar, Jesus Christus, God. Maar nou is God oral onder Sy Kerk. "Meer as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na die Vader; om terug te kom in die vorm van die Gees, Vader Gees." Dieselfde Vuurkolom wat die kinders deur die woestyn gelei het, wat in Jesus Christus gewoon het, het teruggekeer na die God, en gesê: "Ek kom van God af, en gaan na God toe."

260 Let op wat gebeur het sodra Hy dit gedoen het. Saul van Tarsus, op sy pad af, is neergefel deur daardie groot Lig, soos ek gisteraand gesê het. Hy het geweet dit was die Here. Hy het gesê: "Here, Wie is U?"

Gesê: "Ek is Jesus." Sien?

261 Daar is daardie selfde Vuurkolom, daardie selfde Lig onder ons, wat die Lewe voortbring wat Dit het toe Dit in Christus Jesus was, wat dieselfde ding nou in die Bruid Kerk vandag doen. Sien? Sal julle dit glo? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

262 Nou mag die Here God kom en spreek van wat ek van Hom gesê het. Daardie eenvoudige geloof, nou, God in die Hemel weet, sien, om dit net te glo. Toe Hy my daarbo ontmoet het, het Hy dit vir my gesê. En hier staan ek vanaand, ek staan, ek reken daar is drie—driehonderd mense, of meer, hierbinne. En ek—ek—ek het voor 'n halfmiljoen gestaan, en die uitdaging gemaak, om die wêreld. En Hy sal nie, Hy nie . . . Hy is God. Hierdie, dis nie wat ek gesê het nie, dis wat Hy gesê het. Dis Sy Woord.

263 Nou wil ek hê almal moet net eerbiedig bly, terwyl die . . . dit aangaan, as dit gaan. Nou, as dit nie, as Hy nie kom nie, dan is daar nie een ding wat ek kan doen behalwe 'n gebedsry begin, hande op die siekes lê en vir hulle bid, en huis toe te gaan, nie. Maar dis al wat ek kan doen. Ek kan nie. Ek's 'n man. Ek's julle broer. Sien?

264 Nou, maar nou as die Heilige Gees iets uitsonderlik sou doen, en julle dink dis wonderlik, God is 'n voorwerp van aanbidding, aanbid Hom soveel as wat julle wil.

265 Maar, nou, en moenie enige foto's neem nie, moenie enige ligte flits nie, want Dit is 'n Lig. Hoeveel het al ooit die foto Daarvan gesien? Julle weet. Sekerlik. Dis in Washington, DC. Sien? Goed. Nou eerbiediglik.

266 En ek wens dat julle agter my nou regtig sal bid, want ek hou die gehoor dop, en miskien sal ek môre-aand na hierdie kant toe probeer kom, sien.

267 Nou, ek weet nie. Net God het die belofte gemaak. Maar as Hy Homself hier sal identifiseer: "Menere, ons wil Jesus sien," en dis die enigste manier wat jy . . . Jy kan dit nie naboots nie, want dis—dis 'n wonderwerk. Dis 'n paradoks. Dit is beslis 'n paradoks. Sien? 'n Paradoks is 'n wonderwerk, iets wat nie verduidelik kan word nie.

268 Nou hier staan 'n vrou. Ek het net so min 'n idee waarvoor daardie vrou hier staan as wat enigiemand anders het, behalwe as daar iemand hier is wat haar ken. Sy is net 'n vrou wat daar staan. Maar dit is net dat dit 'n vrou is. Dit kom op in my gedagte, 'n volmaakte prentjie van Johannes 4, 'n man en 'n vrou wat ontmoet, soos die Here die vrou by die put ontmoet het. Sien? Nou, as hierdie dame wat hier staan, en ek wat nie . . . Sy mag siek wees, miskien is sy nie siek nie. Miskien het sy 'n huislike probleem. Miskien het sy 'n finansiële probleem. Of miskien staan sy hier vir iemand anders. Ek—ek—ek weet nie waarvoor sy hier is nie. Ek kan julle net nie sê nie, want ek weet nie. Ek weet nie. Maar sy weet wel.

269 Nou as ek opkom, soort van, en my hande op haar gelê het, en gesê het: "Ek lê my hande op jou, suster. Glorie aan God! Jy moet gesond wees, want die Bybel het gesê: 'Lê hande op die siekes, hulle sal gesond word.' Amen. Gaan op jou pad, met vreugde. Jy is genees." Wel, sy dit wil glo, is dit in die haak, want dis Skrif: "Hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Dis waar. Dis wat die Bybel gesê het.

270 Maar wat as die Heilige Gees hier staan en haar iets vertel wat sy gedoen het, iets wat ver terug in haar lewe was, wat sy gedoen het, wat sy nou doen, waarvoor sy hier is, wat sy wil hê? Nou, dan weet sy, sy sou weet of dit die waarheid is of nie. Dan weet sy dat dit moet kom van een of ander bonatuurlike krag. Nou dit hang af van hoe sy dit wil klassifiseer, as Beëlsebub; of soos die vrou by die put: "Ons weet Messias sal dit doen." Sien, dan, watter een ook al, dis haar beloning wat sy kry.

271 Maar dan as Hy vir haar kan vertel wat sy was, en—en as dit reg is, sal sy identifiseer dat dit reg is. En dan as Hy weet wat sy was, kan sy Hom sekerlik vertrou vir wat Hy sê sy gaan wees. Is dit reg? As sy Hom kan vertrou om te weet wat Hy was, sy weet of dit reg is of nie, wat dan van wat Hy sal wees?

272 Is dit nie 'n wonderlike tyd nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sê: "Hoekom talm jy, Broer Branham?" Ek wag vir Hom. Dis presies, presies. As Dit nie kom nie, kan ek dit nie doen nie. Dis al, ek wag net vir Hom. Reg. Sien?

273 Kom ons sing daardie ou gesang, *Glo Net*. Gee ons die akkoord daar.

Glo net, glo net,
Alles is moontlik, glo net;
Glo net, glo net,
Alles is moontlik, glo net.

274 Nou, in die Naam van Jesus Christus, neem ek elke gees hierbinne onder my beheer, tot die eer van God. Sit nou baie stil.

275 Nou, julle wat daardie foto gesien het, (en ek sal julle eendag by die Oordeelstroon van Christus ontmoet), Dit is nie twee voet van waar ek net nou staan nie. Dis reg. Nou as dit dieselfde Heilige Gees is . . . Enigiemand weet dat die Engel van die Verbond Jesus Christus was, Wat vir Israel deur die woestyn gelei het. En as Hy nou sal kom. En ek het aanspraak gemaak dat Hy daardie Lig is. Ek weet nie net waar Dit is nie, maar Dis baie naby aan my hier. Ek voel Dit, en ek weet Dis hier.

276 Nou as Dit my lewe, my eie gedagtes, my onderskeidings, alles van my af weg sal vat, en Sy Eie sal voortbring, dan is Dit Christus. Sal almal van julle nou glo, as Hy dit sal doen? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed, nou wees baie eerbiedig. Ek sal net 'n oomblik met die dame moet praat.

277 Nou wie ook al die ingenieur van hierdie mikrofoon hier is, hou dit dop. Want, wanneer jy in 'n visioen is, is jy—is jy—is jy weg van hier af. Jy's op 'n ander plek, in 'n persoon se lewe êrens, elders, net soos om in 'n ander land te wees, en ek moet net praat en sê waarna ek kyk. En dan, want dit sal my verlaat, en dan onthou ek nie wat ek gesê het nie, sien. So hou net die mikrofoon dop, wie dit ook al is. Terwyl ek met die dame praat, net soos ons Here gedoen het met die vrou by die put, net om met haar te praat, om haar gees te vang.

278 Want, ek het begin preek, 'n rukkie gelede, en dit het soort van . . . Voor ek die kamer verlaat, vir 'n dag lank, vas en bid ek, en Dis baie naby aan my. En ek moet net reguit inkom, iemand anders laat preek, en dan reguit op die preekstoel oploop. Dis baie beter. Maar net om hier te wees vanaand, dan wil ek—ek met die dame praat.

279 Nou, dame, die Here Jesus is groot. En Hy is nie dood nie, maar Hy lewe vir ewig. Glo jy dit? Ek—ek glo jy glo dit. Nou ons wat hier staan, as 'n man en 'n vrou wat Christus eendag moet trotseer, ons—ons Hom moet sien. Maar ek sien dat jy 'n Christen is. Want, net sodra ek begin praat, dan voel ek hulle gees inkom.

280 Nou as die dame die waarheid sal vertel, op hierdie oomblik voel sy 'n baie snaakse gevoel, soos 'n baie soet, warm. Nou as julle met julle oë kan kyk, julle wat Dit nog nooit gesien het nie, hier is Dit reg tussen my en haar, sien, soort van geelkleurige Lig. Dit gaan sit reg bokant die dame, net nou. En, in die Naam van die Here, sy erken dat iets haar baie soet, anders laat voel as wat jy . . .

281 Net, jy weet, jou broer se teenwoordigheid kan dit nie doen nie. As dit reg is, steek net jou hand op vir die mense. Sien? Ja.

282 Nou net hier, ek kyk reguit na die dame, 'n volmaakte kontak met haar. Die dame is bekommerd oor iets, en dit is dat sy geskadu is. Daar is 'n donker skaduwee oor die vrou, en sy is bekommerd. Ja, dis kanker. Sy het kanker, en daardie kanker is op haar hand, op haar vinger. Dis reg, in jou hand. Kan dit nie hier sien nie, maar dis op haar hand, in elk geval. Dis reg.

283 Hoekom is dit, uitsondering, dat iemand dink . . . Moenie, moenie nou julle gedagtes probeer wegsteek nie. Ek kan dit hier vang deur die Heilige Gees. Iemand het gesê: "Hy het dit geraai." Ek het dit nie geraai nie. Ek ken nie die vrou nie. Nou, ek het dit nie geraai nie. Ek het nie.

284 Wel, hier, jy net . . . Ek kan dit nie sien van waar ek staan nie, dis op . . .

285 Hier, goed, laat sak jou hand. Kyk na my. Glo dat ek God se dienskneg is. Sal jy dit doen? Goed, kom ons gaan êrens anders heen. Ja, jy is 'n gelowige. En jy behoort te glo daarvoor. Ek het eenkeer, 'n lang tyd gelede, vir jou gebid met kanker, en jy is genees.

286 Julle sê: "Jy ken die vrou." Ek het nie. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien, sover ek weet nie, haar net in hierdie visioen gesien.

287 Hier, laat ek vir julle iets wys. Sy het iemand op haar hart, vir wie sy bid. Dis haar man. Hy is hier. As ek vir jou sê wat verkeerd is met hom, sal jy glo hy sal genees word? Hy het prostaatprobleme. En dis SO SPREEK DIE HERE. Ja, Jesus Christus maak jou gesond.

288 Glo julle? "Menere, ons wil Jesus sien." Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Glo julle dat Dit die Seun van God is? Hoeveel van julle glo nou dat dit Jesus Christus is? [Gemeente juig—Red.] Hê net geloof. Moenie twyfel nie. Glo God. Hy is net so groot vandag as wat Hy altyd was.

289 Nou julle het gesê, net soos: "Menere, ons wil Hom sien." Nou, as dit 'n vrou by die put, in daardie toestand, haar—haar—haar geestelike toestand, dit as die teken van die Messias laat herken het; en ons Bybellesers, en gevul met die Heilige Gees, wat behoort dit aan ons te doen?

290 Soos ek al dikwels gedink het, toe Maria swanger was deur die Heilige Gees wat haar oorskadu en hierdie baba geskep het, haar gesê het wat aan die gebeur was. Sy het gehardloop om haar niggie te sien, Elisabet, wat ses maande met—met Johannes was, die vrou van Sagaria. En hulle was niggies. En toe Maria vir Elisabet vertel het dat sy ook 'n baba sou kry, sonder om 'n man te hê, dat die Heilige Gees dit sou bring, en gesê het: "Hulle noem Sy Naam 'Jesus.'" Julle weet, klein Johannes, en hy was ses maande in die ma se skoot, en hy het nog nie eers beweeg nie. Sien, dis abnormaal; omtrent twee of drie maande en die baba beweeg. Maar, hierdie was abnormaal, klein Johannes was dood in sy moeder se skoot. En sodra Maria se begroeting haar ore bereik het, gesê het: "Ek sal Sy Naam, Jesus, noem." Die eerste keer wat Jesus Christus ooit gespreek is deur menslike lippe, het dit 'n klein, dooie babatjie laat lewe, in sy moeder se skoot.

291 Wat behoort Dit te doen aan 'n man of vrou wat gebore is uit die Gees van God? Sien? Wat behoort Dit te doen wanneer ons weet ons lewe in die laaste dae, die Skrif wat opgestapel is in ons—ons midde, vanaand, op ons stemme hierbuite, om Jesus Christus ons die laaste teken te sien gee voor die vuur? Wat behoort Dit aan ons te doen? Ons na ons knieë te stuur, na belydenis.

292 Ek wag net 'n oomblik, sekerlik, soort van daarvan weg te skud, want dit verswak my. As dit die Seun van God verswak het, krag van Hom uitgegaan het, wat sou dit aan my doen, 'n sondaar, gered deur genade?

293 Nou hier is 'n jong vrou soos . . . Is hierdie die volgende, is hierdie die . . . Aangename kennis? Ek het omgedraai. Ek het nie geweet nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek.

Ons ken nie mekaar nie. Ek ken jou nie. En jy is jare jonger as ek, en ons was waarskynlik myle uitmekaar gebore. Ons eerste ontmoeting. Maar glo jy dat ek God se profeet is, of, verskoon my, ek bedoel God se dienskneg? Dit laat mense struikel, die rede . . . Hierdie word opgeneem op band. Glo jy dat ek Sy dienskneg is?

294 Glo jy dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid? En glo jy dat, jy, hierdie Lig waarvan ek praat, dat dit die Gees van God is, dieselfde Gees, daardie Vuurkolom wat deur die wildernis gegaan het saam met die kinders van Israel, gemanifesteer was? Dieselfde Een wat daardie nag in die tronk ingekom het, daardie Lig, by Simon Petrus, en die deure van die tronk oopgemaak het, hom uitgelaat het, vry?

295 Glo jy dat Hy eendag sal inkom en ons vrymaak? Ek glo ook so. Na die graf toe kom en die deure oopmaak, ek sal uitkom onder die dooies. Ek vertrou Hom. Hy is hier vanaand. Is dit nie wonderlik om te weet dat ons nie een of ander menslike filosofie hoef te neem nie? Ons het 'n Bybel hier wat hiervan praat. En hier is Hy om Sy Kerk te identifiseer, om dit wegrapingsgeloof te gee om weggeneem te word. Hoe kan 'n mens stilsit!

296 Praat net met die dame. Nou, ek ken haar nie. Hier is my hand, ek het haar nog nooit gesien, sover ek weet nie. Net, as ek jou nie ken nie en jy ken my nie, sodat mense sal sê . . .

297 Iemand het gesê, daardie man waarmee ek vandag gepraat het, daaronder wat die blikkies opgetel het, hy het gesê, dat: "Mense het gesê: 'Broer Branham bring sy eie groep saam met hom, dis hoe hy hulle ken.'"

298 Ek sweer plegtig voor God, ek het nog nooit daardie vrou in my lewe gesien, sover ek weet, of niemand anders in daardie ry nie.

299 As ons absolute, totale vreemdelinge is, suster, ek jou nie ken of niks van jou af weet nie, steek jou hand op, as ek jou nie ken en jy ook nie. Daar het julle dit. Ek het nog nooit die vrou gesien nie. Goed.

300 Maar ek ken Iemand wat hier by ons staan, Wat albei van ons ken, Hy het ons gevoed al die dae van ons lewe. Dis vir Hom wat ek vertrou. Dis vir Hom wat ek glo.

301 Nou as ek jou kon help, en dit nie sou doen nie, sou ek nie waardig wees om van hierdie Woord te praat nie. Ek's in elk geval nie waardig nie. Maar as ek jou kon help, en dit nie sou doen nie, maar die enigste ding wat ek kon doen . . .

302 As Hy hier gestaan het, en jy was siek, sou jy sê: "Jesus, genees my." Hy sou sê: "Ek het dit alreeds gedoen toe Ek op Gólgota gesterf het." Ter wille van ons oortredinge *is* Hy deurboor. Daar is die prys betaal, dit was volbring.

303 Maar nou kon Hy bewys dat Hy Jesus was, deur jou die Messiaanse teken te wys, dat Hy Jesus is. En Hy het belowe om

dit te doen. Wat 'n . . . Goeiste! Daar is net geen skuiwergat vir die duiwel om weg te kom nie, is daar? Hy is vasgekeer. Is Hy nie wonderlik nie? Ek wil . . .

304 Die rede waarom ek dit gesê het, ek kyk na iets wat gebeur. Die dame het pas uit 'n operasie uitgekom. Dis reg. Is dit reg? 'n Vroueprobleem, en jy het 'n operasie gehad. Jy het . . . Is dit reg? En jy ly aan 'n groot swakheid en senuweeagtigheid. Is dit nie reg nie? Kan kwalik daarvan herstel. En jy het gekom. En vanaand, voor jy gekom het, het jy gebid dat jy in staat sou wees om hier te kom en voor gebid word, in die ry. Is dit reg? Steek jou hand op. Ek lees nie haar gedagte nie. Nee, nee. As ek vir jou sê wie jy is, deur die Gees van God, sou jy weet dis die waarheid of nie, nie waar nie? Sou dit jou laat glo? Sal jy glo met jou hele hart? Mev. Gideon, glo. Dis reg. Gaan huis toe, Jesus Christus maak jou gesond. En glo.

305 Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Kom ons sê: "Prys die Here." ["Prys die Here!"] Goeiste, goedheid, wat . . . Hê net geloof in God. Moenie twyfel nie.

306 Onthou, dit was SO SPREEK DIE HERE. Kyk wat Hy sê. Sien? 'n Visioen is een ding, en SO SPREEK DIE HERE is 'n ander.

307 Aangename kennis, meneer? Ek's 'n vreemdeling vir jou. Ons is selfs twee verskillende rasse; soos die vrou by die put was, maar Jesus het haar laat weet. God het uit een bloed alle mense gemaak. Die nasies en die plekke waar ons grootword, en ons kleure verander, het niks met ons te doen nie. Ons is broers, susters, skepsels, kom almal van Adam af. Dis reg. Maar twee verskillende rasse ontmoet hier vanaand, net soos dit toe het. As Jesus Christus, die Seun van God, aan my kan openbaar, waarvoor jy daar staan en wil hê, glo jy Hy sal dit vir jou gee? Jy weet dit. Dankie, meneer. Jy weet dit. Goed, dan sal jou maagprobleem jou verlaat, en jou diabetes sal weg wees. Gaan huis toe.

"As jy kan glo, is alle dinge moontlik."

308 Nou enigiemand kan sien, haar hier op te help, daar is iets wat haar kreupel maak. Ek weet nie. Ek het nog nooit die vrou gesien nie. Sy is 'n totale vreemdeling. As ek haar kon genees, sou ek dit gedoen het. Ek kan nie. Nou kyk hiernatoe, suster. Petrus en Johannes . . . Dis net om te vang . . . Sien, daar is mense wat oral rondom is, jy sien. Onthou hoe Hy 'n blinde man uit die stad uitgelei het, ensovoorts, sien, Hy alleen kon wees. Sien, elke persoon is 'n lewende gees, sien, en Dis om jou uit te soek van geloof van oral af.

309 Nou, ek kan nie genees nie. Jy weet dit. Ek's 'n man, net soos jou—jou man sou wees, jou vader, of enigiemand anders. Ek's 'n man, net 'n mens. Maar Hy is God. Dis reg.

310 Nou, dit is waar dat jou kreupelheid 'n artritis is. En jy—jy het artritis. Dis erg, raak die heeltyd erger. Dis reg. En nog iets, jy het 'n baie ernstige senuweetoestand. Jy het 'n blaasprobleem. Dis reg. Hoë bloeddruk. Het net komplikasies. Dis reg. Jy's nie van hier nie. Nee, jy het van Kalifornië af gekom. Gaan jy terug, en glo. Jy gaan gesond word, in die Naam van Jesus Christus. Hê geloof.

311 Glo julle? Goed, kom ons steek net ons hande op en sê: "Dank U, Here Jesus." [Gemeente juig—Red.] "En, Here Jesus, ons gee U lof en eer, vir al U goedheid en genade vir ons. In die Naam van Jesus Christus. Amen." Hê net geloof en glo.

312 Nou kyk na haar wat wegstap. Kyk daarna. [Gemeente juig en loof die Here—Red.] Sien? Sien? Sê: "Prys die Here." ["Prys die Here!"] Amen.

313 Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Hy lieg nie. Hy vertel die waarheid. Wat Hy vir jou vertel, dit gaan net so wees. Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Hy faal nooit.

314 Nou, enigiemand wat dit glo, as jy dit sal aanvaar, sal dit dieselfde ding vir jou doen. Al wat jy moet doen, is glo. Nou, glo almal in die gehoor? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed.

315 Wat van jou met daardie spatare? Dink jy God sal jou van hulle genees, jou gesond maak? Glo jy? Goed, dan sal hulle jou verlaat.

316 Ek wil vir julle vra: "Wie, vir Wie het sy aangeraak?" Sy het nooit aan my geraak nie. Is dit reg?

317 Wat van jou, glo jy? Glo jy daardie pyn in jou sy sal weggaan? Jy ly aan 'n pyn in jou sy. Goed, dit sal gaan.

318 Ek daag julle uit om dit te glo, Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, wat Homself identifiseer onder Sy mense. Ek het nog nooit daardie vrou gesien nie, nog nooit daardie persoon gesien nie. Wat het hulle aangeraak? Hulle het die Hoëpriester aangeraak. Hulle is twintig voet van my af. Hulle kan my nie aanraak nie; sou in elk geval niks help nie. Maar hulle het die Hoëpriester aangeraak, en Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Hy is Jesus Christus. Julle moet egter glo.

319 Nou hierdie man, hier is 'n man, soos Simon Petrus. Miskien die eerste man wat vanaand gekom het, glo ek. 'n Man het hier voor gekom, soos die Here Jesus; 'n man, Simon Petrus het voor die Here Jesus gekom. 'n Man; ek dink dit was vroue, nou is dit 'n man. Nou as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, dan sal Hy net wees soos Hy toe was. Is dit reg? Nou ek ken nie die man nie; die Hemelse Vader weet dit. Ek ken hom nie. Hy's net 'n man wat hier staan. Maar Jesus Christus ken hom. En as Jesus Christus aan my kan openbaar waarvoor hy hier is, of iets van hom, en—en Hy sal dit spreek, sal hy weet of dit die waarheid

is of nie. Die man sal dit weet. En as enigiemand hier hom ken, sal hulle dit weet. Maar ek—ek weet dit nie. Ek moet net wag. Maar die antwoord is hier. Dis hier, dis in Christus. Dis reg, en ons glo dit.

320 En hierdie is nou 'n verswakkende affêre; baie, baie verswakkend. En ek vertrou dat julle nou sal glo en geloof sal hê.

321 Nou, sonder om jou te ken, meneer. En net soos iemand Simon voor die Here Jesus gebring het. Nou ek sê nie . . . Ek's nie die Here Jesus nie, sien. Ek's net 'n man. Maar ek probeer sê dat Hy hier is onder die mense, en ek wil hê hulle moet sien. En as hulle dit kan sien, dan kan hulle—hulle sekerlik glo en dit aanvaar. Wanneer alle . . . As hierdie belofte, as Hy sal maak . . . Hy kan nie net daar uitkom, en hier instap, sê: "Ek gaan *jou* genees. Ek gaan *jou* genees," nie. Sy . . . Dit sou teen Sy Woord wees. Sien, Hy het dit alreeds gedoen. Hy is net . . .

322 Die laaste ding wat Hy kan doen, is net om te bewys dat Hy hier is om Sy Woord te hou. En as Hy hierdie sal hou en dit sal manifesteer hierbo voor al julle mense, sekerlik daardie kreupel vrou wat selfs op 'n vier-duim ding daar moes klim, met artritis, wat op-en-af gespring en hier deurgehardloop het, omdat dit SO SPREEK DIE HERE was. Sien? Hy het haar genees. Nou kan julle sekerlik glo dat Hy hier is.

323 Nou hierdie man, 'n vreemdeling vir my, en ek vir hom. Ons is albei vreemdelinge. Nou as die Here Jesus dit sal openbaar, laat hom die beoordelaar wees. Sal julle dan almal glo en julle genesing, wat ook al, aanvaar, sal julle glo met julle hele . . .

324 [Broer Branham wag—Red.] Een of ander dame het hier voor my verskyn. [Broer Branham wag.] Die dame daar met die longprobleem, glo met jou hele hart en Jesus Christus sal jou gesond maak, as jy kan glo. Glo jy dit? Ek's 'n vreemdeling vir jou, maar Jesus Christus weet waaraan jy dink. Nou glo jy, en jy sal gesond word. Amen. Amen.

325 Is Hy nie wonderlik nie? Ek ken nie die vrou nie, haar nog nooit in my lewe gesien nie. Sy is net 'n dame wat daar sit. Maar sy . . .

326 Laat ek vir julle iets vertel. Sy het daar gesit, en sê: "Here, laat ek U aanraak." Vra haar of dit nie reg is nie. Dit is. Dis reg.

327 En ek het haar hier sien verskyn, en gehoor wat sy gesê het. En agtertoe gekyk, en ek het gedink: "Waar is daardie persoon wat so lyk?" Ek kon dit nêrens sien nie. Ek het aanhou kyk. En toe sy wou . . . Ek het rondgekyk, en dadelik het ek daardie Lig gesien oorbeweeg en bokant die vrou hang. Hier was sy, sien. Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Amen. Die Here Jesus weet alles.

328 [Iemand sê: "Die dame het saam met my gekom."—Red.] Dís wat dit was. Hierdie man het gesê die dame het saam met

hóm gekom. Amen. Is dit nie iets nie? Sien? Nou is . . . Is dit nie wonderlik nie? Die Here Jesus weet alle dinge. Sien julle nie? Dit kan nie ek wees nie, vriende. Julle weet dit. Julle is—julle is intelligenter as dit. Julle weet dit.

329 Nou aan hierdie man wat hier staan. Nou, sonder om jou te ken, en sonder om iets van jou af te weet, as die Here Jesus iets aan my sal openbaar waarvoor jy daar is, of iets wat jy gedoen het om jou probleem te veroorsaak, of wat dit ook al is, dan sal jy weet dat Hy, dit die Here Jesus moet wees. Dis reg. Wel, mag Hy dit nou skenk.

330 Die eerste ding, die man ly aan 'n—'n bloedtoestand. Nee, dis 'n hoë bloed. Hy ly aan 'n hoë bloed. Hy het ook iets verkeerd met sy liggaam. Ek sien hom sit met sy voete op, of iets . . . O, dis—dis water wat om jou enkels versamel, so rondom. Sê, jy's 'n prediker, 'n prediker van die Evangelie. [Die broer sê: "Amen."—Red.] Glo jy God kan vir my sê wie jy is? Eerw. Williams, as jy sal glo met jou hele hart, kan jy hier weggaan en gesond wees. [Gemeente juig.] God seën jou. Amen.

Glo julle? [Gemeente juig—Red.]

331 Glo jy God genees kanker? Glo jy Hy genees kanker en maak mense gesond? Gaan van die platvorm af, in geloof, en word genees. Amen. Glo met jou hele hart.

332 Glo jy God genees van hartprobleme? Jy glo? Wel, dan is joune genees. Gaan en glo met jou hele hart. Prys net God! Amen.

333 Nou, jy het 'n baie vreemde gevoel gehad toe ek vir daardie man gesê het, omdat jy ook hartprobleme gehad het. As jy sal aanhou glo, sal dit nie terugkom nie. Dit sal jou vir goed verlaat. Gaan, glo met jou hele hart. Amen. Goed.

334 Hierdie vrou wat hier aankom, is geskadu tot die dood. Sy het 'n kanker gehad, maar dis nou weg. Glo met jou hele hart, en dit sal gaan, en word gesond gemaak. As jy nie sal twyfel nie, sal dit nooit terugkom as jy dit nie betwyfel nie, maar glo.

Kom, dame.

335 Nou julle sê ek het "die mense se gedagtes gelees." Draai dit so. Die Engel van die Here was veronderstel om in die laaste dae te kom, Here God Jehova, was veronderstel om te weet wat agter Hom was, soos Hy gedoen het. Hierdie vrou is agter my.

336 Glo, suster. Glo jy dat ek God se dienskneg is? As jy glo, steek jou hand op.

337 Hierdie dame agter my, het sy haar hand op? [Iemand sê: "Ja."—Red.] As die Here aan my kan openbaar, terwyl na *hierdie* kant toe kyk, wat verkeerd is met die vrou, sal julle met julle hele hart glo? [Gemeente sê: "Ja."] Sy het 'n vroueprobleem, 'n damesprobleem.

338 As dit reg is, wuif jou hand, hierdie dame hier. Jy is nou genees, en Jesus Christus maak jou gesond. Glorie aan God! "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

339 Hierdie plek op haar gesig het in kanker verander. As sy sal glo met haar hele hart, kan jy gaan, en dit sal jou verlaat, en jy sal gesond word. Ek kan nie genees nie, maar God sal, as jy sal glo met jou hele hart. Ek is nie 'n geneser nie. Uh-huh. Amen.

340 Glo julle met julle hele hart? [Gemeente juig—Red.]

341 Suster, kyk hierdie kant toe, dame. Jy ly aan artritis, dis erger in die oggend, wanneer jy uit die bed uit probeer kom. Jy glip een voet uit, en dan probeer jy loop, en hou partykeer vas aan goed, in die huis, om te probeer oor die weg kom. Dis presies reg. As jy sal glo met jou hele hart, sal Jesus Christus jou gesond maak. Môremiddag sal anders wees, as jy dit sal glo.

342 Kom ons sê: "Prys die Here." [Gemeente sê: "Prys die Here," en juig—Red.]

343 Hierdie man is oud. Hy het probleme wat prostaat genoem word, wat die ouderdom vir sy manlike is. Hy het baie dinge verkeerd net hom. Maar een van sy groot dinge waarvoor hy wil hê ek moet vir hom bid, is artritis. Dit pla hom al vir 'n geruime tyd. Dis reg. Glo jy? Gaan op jou pad en word gesond gemaak. En dank Jesus Christus, maak die siekes gesond! . . . ? . . . Goed, meneer.

344 Ek ken nie die dogtertjie nie, 'n kind wat gesond lyk. Kyk na my en glo, dame. Glo jy met jou hele hart? Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Glo jy dat God jou probleem aan my kan openbaar? Jy is net omtrent by 'n ineenstorting, as gevolg van 'n senuweetoestand. Die duiwel het vir jou gelieg, probeer om jou te laat dink jy verloor jou verstand, en alles. Moet dit nie glo nie. Jy's vry. Jesus Christus maak jou vry. Amen.

345 Glo julle, die hele gehoor van julle? Glo julle nou, in Sy Teenwoordigheid? [Gemeente juig—Red.]

346 Glo jy met jou hele hart, suster? Glo jy Hom? Jy glo? In die Naam van Jesus Christus, word genees. Amen. Glo met jou hele hart.

347 Sy is senuweeagtig, het 'n damesprobleem, ly ook aan 'n artritis. Dis gereed om haar kreupel te maak. As jy glo met jou hele hart, kan jy vrygemaak word. Glo jy dit? Gaan dan, in die Naam van die Here Jesus Christus. Ek glo sy het regop gekom, en is genees.

348 Glo julle met julle hele harte? Wag nou. Hou Jesus Christus Sy Woord? Hou Hy Sy Woord? Hoeveel glo dat Hy dieselfde is? Hoeveel glo dat julle Jesus Christus onder Sy mense sien werk? [Gemeente juig—Red.] "Meneer, ons wil Jesus sien."

349 Nou, ek vertel vir julle die waarheid. Julle kan sekerlik net glo as God vir julle vertel dat ek julle die waarheid vertel. (Nou voel ek my seun of iemand aan my baadjie trek, wat beteken dis tyd vir hom om my te laat gaan.) Ek wil vir julle die waarheid vertel, dis die Woord van God wat belowe het om dit te doen.

350 Die Woord het hierdie ook belowe. Julle het julle hande opgesteek en gesê julle was gelowiges. Is dit reg? Die laaste woorde wat Jesus gesê het, voor Hy opgevaar het na Bo, het Hy gesê Hy het gawes aan die mense gegee, het Hy gesê: "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Is dit reg? "As húlle," die gelowiges.

351 Hoeveel is gelowiges, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Lê dan jou hand op iemand langs jou. Lê net jou hand op iemand langs jou. Sit net julle hand op mekaar. O, nou, bid vir daardie persoon.

Here Jesus, skenk dit, Here.

352 Satan, kom uit hierdie groep mense uit, in die Naam van Jesus Christus.

[Gemeente hou aan bid en juig—Red.]

Jesus Christus Dieselfde Gister,
Vandag, En Tot In Ewigheid AFR63-0627
(Jesus Christ The Same Yesterday, Today, And Forever)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagaand, 27 Junie 1963, by die Verenigde Broederskap Van Christene Kampgronde in Hot Springs, Arkansas, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2019 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org